

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 2, No. 3

Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte



## Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

# Waar was God op 11 September 2001?

Die kragtige emosies wat op 11 September 2001 uitgelok was, affekteer steeds miljoene Amerikaners. Een algemene vraag wat gevra word, is: “*Waar was God op 11 September?*” 'n Paar weke gelede het ek en my vrou na 'n spesiale program op TV gekyk genaamd “Geloof en Twyfel by dietrefpunt”, wat dieselfde vraag gevra het.

Dit het die “Bybel-ongeletterde” Amerikaanse publiek getoon wat **God** “veroordeel”, deur elke deurmekaar redenasie moontlik te gebruik. Baie vra: “*Waarom* het God nie ingegryp en dit *stopgesit* nie?” Van dié wat geliefdes verloor het, het gewonder: “**Waarom** het God *my* geliefde gekies om te sterf en nie iemand anders nie?” Een man het gesê: “God is 'n *barbaar*” omdat Hy dit toegelaat het!

*Waar* kom hierdie mense aan hul *vals konsepte* van God en Sy *opperdoel*? Die meeste was duidelik “godsdiensstig”, hulle het bloot die deurmekaar idees van God se Plan, wat hulle van hul godsdienstleraars geleer het, weerspieël. Tog blyk dit dat **nie een** van hulle enige werklike begrip het van hoe God met hierdie wêreld handel en hoe Hy sal *voortgaan* om met die ses biljoen mense wat op hierdie planeet woon, te handel nie!

Ek sê “gaan voort” omdat daar nog terroristaanvalle sal wees, tesame met onkeerbare oorloë, droogtes, vloede, woeste veldbrande, hongersnood, siekte-epidemies en kragtige

aardbewings (verg. Mattheus 24:3-8; Lukas 21:7-11)! Wie gaan die mense vir al hierdie dinge “blameer”?

*Sekerlik nie hulself nie!*

Die ware God van die Bybel gun almal die reg om vir hulself te kies. Hy **forseer** niemand en geen nasie om die regte ding te doen nie, want miljoene leef voort in egbreuk, ontug, seksuele perversie, diefstal, bedrog, leuens en Godslastering. Tog voel baie van hierdie miljoene, “geafronteer” as enigiemand die diepte of geldigheid van hul godsdienstoeuwyding in twyfel trek. Hulle sal die “kerk van *hulle* keuse” kragdadig verdedig, ongeag hoe onbybels hul leerstellings mag wees. Hulle sal voortgaan om *hul* opinie te lug en in praktyk **weier** om die geïnspireerde Woord van God werklik te **bestudeer** en sy leringe te aanvaar as die absolute gesag in hul lewens. Sommige, soos die man wat hierbo aangehaal is, mag God selfs as “barbaars” beskou omdat Hy *toelaat* dat mense hul eie gang gaan, gedurende hierdie 6,000 jaar tydperk. Soos ons ons lesers al keer op keer vertel het, die Ewige God het 6,000 jaar eenkant gesit vir die mens om sy *eie* idees oor godsdiens, opvoeding en vermaak onder die invloed van Satan, die duiwel te ervaar.

Satan is die “god” van die huidige samelewing. Hy is die een wat die verdraaide temas en verhale wat op televisie, in rolprente en literatuur uitgebeeld word, grootliks beïnvloed. Die apostel

Paulus is geïnspireer om te skryf dat Satan die “owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid **werk**” is (Efesiërs 2:2). *Satan* beheer die gesindhede en oortuigings van die mense in hierdie wêreld se atmosfeer. Hy is die “opperste” van die atmosfeer van ons samelewing.

Paulus onthul dat Satan hierdie wêreld “verblind” het vir die kennis van die ware God en Sy weë: “Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (2 Korintiërs 4:3-4). Die apostel Johannes is geïnspireer om Satan te beskryf as “die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die **hele wêreld verlei** [mislei]” (Openbaring 12:9).

Mense, met hul eie vrye wil, kan met hul eie idees van wat reg en wat verkeerd is, eksperimenteer. Ons eerste ouers, Adam en Eva, het in *direkte teenstelling* met God se opdrag opgetree en Satan eerder gehoorsaam (Genesis 3:1-19). Die mensdom het sedertdien daardie rigting ingeslaan! God beskryf die “groot denkers” van die verlede op hierdie wyse: “Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword” (Romeine

**Vervolg op bladsy 27**

## Inhoudsopgawe

### Voorblad: Persoonlik

### Waar was God op 11 September 2001?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek.

### Hoofartikel.....3

### Wie beheer die weer?

Verlede somer het hewige veldbrande oor groot gedeeltes van die Amerikaanse Weste gewoed. Amerika beleef tans een van die ergste droogtes in dekades. Is al hierdie uiterste weerstoestande net ‘n produk van “Moeder Natuur”?

### Volke in benoudheid.....9

Terrorisme het die verhoudings tussen volke drasties verander en die geopolitiese uitkyk omskep.

### Europa — ‘n Dier groei.....13

Terwyl die wêreld se aandag op terrorisme, toenemende konflik in die Midde-Ooste en vrese van ‘n resessie gefokus is, is profetiese gebeure wat die wêreld sal stomslaan, besig om in die hart van Europa te ontwikkel.

### Stel ‘n goeie voorbeeld.....15

### Noodsaaklike sleutels om op koers te bly.....20

### Vrae en antwoorde.....25

## Wêreld van Môre

### Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

### Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

### Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

### Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

### Streksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Douglas S. Winnail (Europa)

### Nuusbuuro

June Olsen

### Strekskantore

#### VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### AUSTRALIË:

GPO Box 772

Canberra, ACT 2601

Tel: (07) 5546 0472

Faks: (07) 5546 0768

#### KANADA:

P.O. Box 27202

Toronto, Ontario, M9W 6L0

Tel: (905) 671-3730

Faks: (905) 671-9599

#### NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 435 3592

#### FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774

Makati City 1257, Philippines

Tel: 63-2-813-6538

Faks: 63-2-867-1569

#### BRITTANJE:

P.O. Box 9092

Motherwell, ML1 2YD Scotland

Tel/Faks: 44-1698-263-977

#### SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Wie beheer die weer?

Deur Roderick C. Meredith

Verlede somer het hewige veldbrande oor groot gedeeltes van die Amerikaanse Weste gewoed. Amerika beleef tans een van die ergste droogtes in dekades. Volgens 'n onlangse verslag in die *Time*: "Vervloek met 'n droogte erger as enigiets wat die Okies, selfs met die hoogtepunt van die Groot Depressie beleef het, verkoop die Weste se boere nou hul vee en laat hul grond na die Rotsgebergte wegwaai. Namate die oesseisoen aanbreek, sal kruidenierswinkels hul pryse verhoog en die nasie se voedselprodusente sal weer eens verligting soek by 'n Kongres met sy eie begrotingsprobleme" (16 September 2002).

Ja, voedselpryse in die Verenigde State en Kanada is bestem om te verhoog as gevolg van die ernstige droogte wat hulle beleef en in Suid-Afrika beleef ons dieselfde tendens. Die *Wall Street Journal* van 10 September 2002 berig: "Koring se termynprys het met tot 30 (Amerikaanse) sent per mate van die daaglikse handelslimiet verhoog, by al drie VSA koringmarkte en nuwe kontrakhoogtepunte aangeteken in al die belangrikste maande as gevolg van paniek oor kwynende wêreldvoorrade van gemaalde koring ... Hierdie seisoen het 'n groot afname van lewerings in

vier van die wêreld se grootste koring uitvoerlande, naamlik die VSA, Kanada, Australië en Argentinië getoon. Beide die VSA en Kanada se volkoring oeste is op hul laagste sedert die vroeë 1970's en hierdie syfers kan verder daal namate besondere nat toestande die lande wat geoes moet word, bedreig".

Hoofsaaklik as gevolg van die maklik vlambare, droë toestande het geweldige veldbrande letterlik miljoene hektaar woude en landbougrond deur die Weste vernietig en die droogte is so erg in die Midde-Atlantiese state dat voltallige kerkgemeentes spesiale gebedsdienste hou om tot God te bid vir verligting.

Is al hierdie uiterste weerstoestande net 'n produk van "Moeder Natuur"? Die meeste van die klimaat "deskundiges" sal rustig verduidelik dat daar dwarsdeur die wêreld nog altyd verskuivende weerspatrone was. Hulle sal in effek sê dat dit "ook verby sal gaan".

*Maar sal dit?*

Is hierdie huidige weer rampe, die veldbrande van enorme omvang, die huidige "wêreldverhitting" episode en die "ergste droogte in mense heugenis" in baie areas, toestande wat net weg sal gaan en oor 'n paar jaar vergete sal wees? Sal verskriklike tornados,

orkane, geweldige aardbewings en ander sulke verskynsels net die "normale" patroon van die verlede volg?

Hier is 'n **uitdaging** aan al ons lesers: Indien sulke "normale" weer en ander rampspoedige gebeure soos hewige veldbrande en aardbewings vir die volgende tien jaar in hul "normale" patrone voortgaan, moet u die *Wêreld van Môre tydskrifte weggooi*, u inskrywing kanselleer en aanneem dat Jesus Christus **nie** enige tyd binnekort sal terugkeer nie, **maar** indien hierdie "ongewone" weer en verbandhoudende toestande *erger en erger* word, dan beter u gehoor gee! U beter gewillig wees om te erken dat daar 'n **ware** God is en dat dit die Skeppergod is wat uiteindelik die weer beheer!

Hoe so?

Wanneer u eers vir uself bewys het (u *kan* en *moet*) dat die Bybel werklik deur *God geïnspireer is*, dan moet u hierdie "Handleiding vir oorlewing" **bestudeer** en u vertrou maak met die feit dat die ware God nog altyd die weer as instrument gebruik het om rebelse nasies en soms selfs individue, te tug. U moet gewillig wees om uself te vra: "*Waar* het ons die **spoor byster geraak**? Is daar 'n "les" wat ons moet leer uit die erge weerstoestande wat God voorspel het wydverspreid sal voorkom, net voor Christus

se wederkoms?”

### Wat Jesus Christus voorspel het

Toe Jesus Christus gevra is: “... wat is die teken van u koms en van die **voleinding** van die wêreld” (Mattheus 24:3), begin Hy Sy dissipels waarsku dat “baie” vals profete (of leraars) sal kom en “baie” mislei sal word. Dan voorspel Jesus oorloë en wêreldoorloë en laastens maak Jesus die stelling: “Daar sal hongersnode wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke” (vers 7). Die Bybel en die geskiedenis teken aan dat daar selfs in Jesus se tyd tallose hongersnode en aardbewings was. Jesus toon dus duidelik *veel erger weerstoestande* aan, as in die verlede.

Hierdie toestande begin nou voorkom! Die *Associated Press* berig op 11 September 2002: “Die Senaat het gister oorweldigend gestem om bykans \$6 biljoen aan veeboere en landbouers, wat deur die droogte geknel word, beskikbaar te stel; president Bush se besware was geïgnoreer en die druk beklemtoon wat die wetgewers in die gesig staar, namate verkiesings vir beheer in die Kongres nader kom. Met ooste en weivelde wat dwarsoor die Weste, Midde-Weste en Suid-Ooste verdor, het hierdie maatreël 'n 79 teenoor 16 tweeparty goedkeuring geniet. Een-en-dertig Republikeine het saam met 47 Demokrate en een

Onafhanklike gestem, om die voorstel te ondersteun, toe senators min teenstand getoon het teen 'n nuwe inspuiting vir hulp aan plaasboere tydens die hoogtepunt van die stemwerwingseisoen. “Help ons met die droogte” was die pleidooi van die landboustate, het die hoof ondersteuner en Senaat se Meerderheidsleier Tom Daschle (D-S.D.), gesê. “Voorsien ons van bystand. Doen wat reg is”.

Die meeste van u het ongetwyfeld gelees van verskillende weerstoestande wat as die “ergste vloed in eeue” bestempel was en wat verskeie lande in Europa die afgelope somer getref het. Soos ons sal sien, voorspel die Bybel beide hongersnood en vloede om ons nasies te tref, tog het die oorgrote meerderheid van die belydende Christendom nie 'n idee hiervan nie! Ook nie hul leraars nie! Die meeste van hulle lees selde en verstaan verseker nie Bybelprofesie nie. Hulle bly totaal onkundig oor die *kwart* van die Bybel wat profeties is en hulle bly onkundig oor ons nasionale identiteit. Hulle bly onkundig oor God se magtige geprofeteerde ingryping aan die einde van hierdie tyd.

In Lukas se weergawe van Jesus se Olyfbergprofesie, sê Jesus: “En daar sal **groot aardbewings** op verskillende plekke wees en *hongersnode* en *pessiëktes*; en daar sal *verskriklike* dinge en *groot tekens* van die hemel kom” (Lukas 21:11). En later: “En daar sal *tekens* wees aan son en maan en sterre, en op die aarde

benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders *dreun*” (vers 25). In Lukas se vertelling verduidelik Jesus dus dat “**groot**” aardbewings die aarde sal skud! Met die seë en golwe wat “bulder” sal ons ongetwyfeld enorme storms sien wat selfs die kragtigste skepe wat die mens kon bou, oorweldig — plus enorme *vloedgolwe* wat vir kilometers binneland toe dy en hele stede verwoes. *Gepraat van goddelike ingryping!*

Ons vergeet dikwels dat die boek Openbaring 'n direkte boodskap van Jesus Christus bevat: “Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat *gou moet gebeur*, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het” (Openbaring 1:1). In Openbaring 11:6 sê God hoe Hy twee mense wat Hy as “twee getuies” beskryf, sal gebruik om die **weer te beheer**: “Hulle het mag om die hemel te sluit, sodat daar in die dae van hulle profesie *geen reën* val nie; en hulle het mag oor die *waters*, om dit in bloed te verander en om die aarde te tref met allerhande plaes so dikwels as hulle wil”. Die Almagtige God het nog *altyd* Sy beheer oor die weer as manier gebruik waarop rebelse nasies getugtig is en waarmee die uitkoms van oorloë en selfs die noodlot van volke bestuur is.

### God se ingryping in die weer

In die Nuwe Testamentiese



boek Jakobus word ons herinner hoe die profeet van ouds, Elia, God gevra het om met die weer in te gryp: "Elia was 'n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, *en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank **nie gereën nie***; en hy het weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrug laat uitspruit" (Jakobus 5:17-18).

Een van die belangrikste gebede in die Bybel is die gebed van koning Salomo toe hy die tempel van God in Jerusalem ingewy het. Deel van hierdie geïnspireerde gebed lui: "As die hemel toegesluit bly, dat daar *geen reën* is nie, omdat hulle teen U gesondig het, maar hulle na hierdie plek toe bid en u Naam bely en van hulle sonde hul bekeer, omdat U hulle verootmoedig, wil U dan hoor in die hemel en die sonde van u knegte en van u volk Israel vergewe — want U leer hulle die goeie weg waar hulle in moet wandel — en **gee reën** op u land wat U aan u volk as 'n erfenis gegee het. As daar *hongersnood* is in die land, as daar pes is, as daar *brandkoring, heuningdou, sprinkane, kaalvreters* is, as sy vyand hom in die land, in sy poorte dit benoud maak, watter plaag, watter siekte ook al, enige gebed, enige smeking wat enigeen van u hele volk Israel sal doen, as elkeen die plaag van sy hart ken, sodat hy sy hande na hierdie huis toe uitbrei — wil U dan hoor in die hemel, u vaste woonplek, en vergewe en handel en aan elkeen gee volgens sy weë, U wat sy hart

ken — want U alleen ken die hart van al die mensekinders — sodat hulle U kan vrees al die dae wat hulle leef in die land wat U aan ons vaders gegee het" (1 Konings 8:35-40).

Op daardie stadium van sy lewe was Salomo baie na aan God. Die Almagtige God het direk met Salomo gespreek en hom wysheid en verstand gegee bo alle mense op die aarde (1 Konings 3:10-12). As Salomo dus in die bogenoemde gebed beskryf hoe "die hemel toegesluit bly, dat daar **geen reën** is nie, omdat hulle teen U **gesondig** het" moet ons *luister!*

Ons moet almal besef dat die ware God *absolute beheer oor die weer* het! In 'n tweeledige profesie, met ander woorde 'n profesie wat van toepassing is op beide antieke Israel en ook op ons vandag, sê God: "As julle in my insettinge wandel en my gebooie hou en dit doen, sal *Ek julle reëns* gee op die regte tyd, en die land sal sy opbrings gee, en die bome van die veld sal hulle vrugte gee. En die dorstyd sal vir julle aanhou tot die druiwe-oes, en die druiwe-oes sal aanhou tot die saaityd, en julle sal jul brood volop eet en veilig in julle land woon" (Levitikus 26:3-5). Later in hierdie profesie waarsku God: "Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek ... En as julle dan nog nie na My luister nie, sal Ek voortgaan om julle

sewevoudig weens julle sondes te tuggig. En Ek sal julle trotse mag verbreek, *en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper*. En julle krag sal tevergeefs verbruik word, *want julle land sal sy opbrings **nie** gee **nie***, en die bome van die land sal hulle vrugte nie gee nie" (verse 14-15, 18-20).

Tot onlangs het God die volke van Amerikaanse en Britse afkoms, asook Suid-Afrikaners, ryklik geseën, meer as enige nasie op die aarde. Op een stadium het ons driekwart van die wêreld se ontwikkelde hulpbronne beheer. Ons het al die belangrikste oorloë gewen en het 'n hoër lewenstandaard gehandhaaf as enige ander mense, maar **nou** begin God ingryp om ons te verootmoedig — om ons tot ons sinne te **ruk** voordat dit te laat is! Hy begin om die **weer** te gebruik as deel van hierdie verootmoedigingsproses.

Tensy ons onself werklik **bekeer**, ons na die ware God keer en begin om *Sy gebooie te onderhou* (Mattheus 19:17), is ons dae van nasionale grootsheid getel! Ons sal massiewe **aardbewings** en vulkaniese uitbarstings soos wat ons nog nooit ervaar het nie beleef. Ons sal deur voortslepende **droogtes**, *hongersnood* en verskriklike **siekte-epidemies** gaan, op 'n skaal wat ons mense nog nooit beleef het nie. 'n Noodsaaklike "sleutel" tot begrip van presies *hoe* en *waarom* hierdie tragedies sal toeslaan, word in ons kragtige boekie, *Wat lê voor*

vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika? onthul. U moet hierdie ten volle gedokumenteerde boekie bekom om omtrent 90 persent van die eindtyd profesie te verstaan. Ons sal dit graag op versoek absoluut gratis aan u stuur. Skakel ons gerus of skryf aan die streekskantoor naaste aan u, wat op bladsy 2 van hierdie tydskrif gelys is.

### God praat met ons volke

As ons eers besef dat die mense van Amerikaanse en Britse afkoms werklik die afstammeling van die sogenaamde "Verlore Tien Stamme van Israel" is, kan ons die feit erken dat God direk met ons volke praat in baie van die Ou Testamentiese profesieë. In 'n profesie wat vir ons vandag geskryf is, verklaar die Grote God: "Hulle het nie in hul hart gesê nie: Laat ons tog die HERE onse God vrees, wat reën gee, vroeë reën en laat reën op hulle tyd, wat vir ons die vasgestelde weke van die oes in stand hou. Julle ongeregthede het hierdie dinge afgeweer, en julle sondes het die goeie van julle teruggehou" (Jeremia 5:24-25).

Al wat ons net moet besef, is dat God nie 'n wreedaard is nie. Hy is 'n God van liefde en genade wat begeer om ons almal, individueel en gesamentlik, die lesse te leer wat ons moet leer om ons voor te berei op die ewige lewe in Sy Koninkryk. As gevolg van Sy belofte aan Abraham, het God

ons volke oor die algemeen geseën met goeie weer — "reën op die regte tyd" — en uitstekende natuurlike hulpbronne. Keer op keer het die ware God met die weer ingegryp om die volke van Amerikaanse en Britse afkoms te red. Hierdie suksesvolle ingrypings het die godsdienstvryheid, voorspoed en mag wat die Anglo-Saksies-Keltiese magte van die VSA, Kanada, Australië, Nieu-Seeland, Verenigde Koninkryk en die ou Suid-Afrika geniet het, moontlik gemaak.

In 1586-87 is Katolieke oorheersing van die Engelse troon onmoontlik gemaak deur die teregstelling van Mary, koningin van Skotland. Die volgende jaar het Spanje se koning Philip II sy "onoorwinlike" armada van 124 skepe teen Engeland geloods in 'n poging om Katolieke beheer te herstel. Alhoewel die Engelse vlootmag hardnekkig baklei het, het hulle uiteindelik hul buskruit uitgeput! Op daardie kritieke tydstip, het 'n ongekende stormsterk wind opgesteek en baie van die sterk gewapende, dreunende Spaanse galjoene na hul ondergang gestuur. Die windverweerde skepe wat na Spanje huis toe gesukkel het, was so erg beskadig dat dit nooit weer gebruik kon word nie. Ter herinnering aan die oorwinning oor die Spanjaarde het Koningin Elisabeth 'n silwer medalje uitgereik met die inskrywing: "God het geblaas en hulle is uiteengedryf". Sy het geweet wie beheer geneem het van die winde op daardie kritieke tydstip,

in die geskiedenis van haar mense!

In 1940 het Hitler se magte Frankryk en die laaglande vinnig ingeneem. Hulle het 330,000 uithaler Britse troepe afgesny en hulle forseer om met hul rûe na die Engelse kanaal by die hawe Dunkirk, terug te val. Indien die Britte hierdie weermag sou verloor, kon hulle skaars verwag om van die Nazi-hordes wat daarop uit was om hulle te oorwin, terug te jaag. Die woord het oor die hele Brittanje versprei: "Winnie [Churchill] het bote nodig." Hoewel die Engelse kanaal normaalweg gedurende daardie tyd van die jaar rof en gevaarlik was, is honderde bote, jagte en klein bootjies, enigiets wat kon beweeg terwyl dit dryf, gestuur om ten minste 'n deel van daardie weermag te red, maar die situasie was somber.

Verbasend, het slegte weer op die kontinent die meeste van die Duitse lugmag op die grond gehou en pleks daarvan dat die kanaal rof, met kort golfslae soos gewoonlik en baie gevaarlik vir klein vaartuie was — was dit so kalm soos badwater! Mans en vroue wat hul lewe lank langs die kanaal gewoon het, het dit nog nooit so rustig gesien nie. Winnie se saamgeflansde armada van dryfgoed en uitskot, het bykans 'n derde van 'n miljoen Britse troepe gered — die ruggraat van hul hele weermag! Hitler was uit die veld geslaan. Die Nazi-generaals het bitter gemurmureer omdat hulle so 'n maklike doodskoot gemis het. Die Britte was diep dankbaar en het dit die

“wonderwerk van die kalm seë” genoem.

Ek het vier jaar van my volwasse lewe in Brittanje deurgebring en het met verskeie ouer mans gepraat wat persoonlik bekend was met die Dunkirk reddingsoperasie. *Almal* het trane in hul oë gekry wanneer hulle daaroor praat en *almal* het die diepe waardering van die Britse volk teenoor God na daardie gebeurtenis onthou. Sondag, 9 Junie 1940, was as “Dag van Nasionale Danksegging” uitgevaardig vir God se redding by Dunkirk en baie Engelse leraars sal kan sê dat hulle kerke daardie dag stampvol was en nog *nooit* weer sedertdien so vol was nie. Op die voorafgaande dag het 'n Britse koerant 'n artikel daaroor, wat dit die “wonderbaarlike redding” by Dunkirk genoem het, geplaas. 'n Britse offisier wat self by Dunkirk gered is, het gesê: “Een ding kan seker wees van môre se Danksegging in ons kerke. Van geen een sal die dank met groter opregtheid of met meer ywer opgaan as van die offisiere en manne wat die magtige Reddingshand van God gesien het, wat hulle uit die hande van 'n magtige vyand gered het, aan wie se genade hulle, menslik gesproke, oorgelaat was” (*London Daily Telegraph*, 8 Junie 1940). Ja, God **beheer** die lotsbestemming van nasies en individue deur dikwels met die *weer* in te gryp.

### Sal ons ons werklik BEKEER?

In 'n tweeledige profesie vir

Israel wat verseker **vandag** op ons van toepassing is, vertel God ons mense: “Alhoewel Ék julle reinheid van tande gegee het in al julle stede en broodsgebrek in al julle woonplekke — nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE. Alhoewel Ék die **reën** van julle **teruggehou het** toe dit nog drie maande voor die oestyd was en op die een stad laat **reën** maar op die ander nie laat reën het nie, die een stuk land reën gekry het, maar die ander waarop geen reën geval het nie, verdor het; en twee, drie stede na een stad geslinger het om water te drink sonder om die dors te les — nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE. Ek het julle met **brandkoring** en met **heuningdou** swaar getref, baie van julle tuine en julle wingerde en julle vyebome en julle olyfbome het die sprinkaan verslind — nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE” (Amos 4:6-9).

Let daarop dat God dikwels met die *tugtiging* van Sy eie mense, *droogte* op een area sal bring en *vloede* op 'n ander! Sy *doel* is egter altyd dieselfde. Dit is om Sy mense tot opregte **bekering** van hul toenemende *sondeste* bring!

In nog so 'n profesie wat ongetwyfeld op die **eindtyd** dui, beskryf Joël God se komende ingryping in die weer: “Hoor dit, o oudstes, en luister, alle inwoners van die land! Het so iets ooit in julle dae of in die dae van julle vaders plaasgevind? Vertel daarvan aan julle kinders, en

julle kinders aan hulle kinders, en hulle kinders aan die volgende geslag: Wat die afknyper laat oorbly het, het die treksprinkaan verslind; en wat die treksprinkaan laat oorbly het, het die voetganger verslind; en wat die voetganger laat oorbly het, het die kaalvreter verslind ... Die veld is verwoes, die akkerland treur; want die koring is verwoes, die mos het weggedroog, die olie het verdwyn. Die landbouers staan beskaamd, die wynboere weeklaag oor die koring en oor die gars, omdat die oes op die land verlore is” (Joël 1:2-4, 10-11).

Dan beveel God Sy leraars: “Heilig 'n **vasdag**, roep 'n vergadering saam! Versamel die oudstes, alle inwoners van die land in die huis van die HERE julle God, en **roep tot die HERE**. Ag, die dag! Want naby is die dag van die HERE, en hy kom soos 'n verwoesting van die Almagtig” (verse 14-15).

Soos meeste van ons lesers weet, word die “Dag van die Here” ongeveer 30 keer in die Bybel genoem. Dit sal geskied teen die “einde van die tyd”, in die tyd net voor en gedurende Christus se tweede koms. Ons Skepper waarsku dus almal wat sal luister om tot Hom **“uit te roep”** en te vra om vergifnis!

In die vroeër vervulling van hierdie tweeledige profesie sê Joël: “Tot U, o HERE, roep ek, want 'n **vuur** het die weivelde van die woestyn verteer, en 'n *vlam* het al die bome van die veld aan die brand gestee. Selfs die diere van die veld smag na U;

want die waterstrome het *opgedroog*, en 'n *vuur* het die weivelde van die woestyn verteer" (verse 19-20). Dan beveel God: "Maar selfs nou nog, spreek die HERE, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geweene en rouklag. En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die HERE julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil" (Joël 2:12-13).

Selfs al gaan ons volke as geheel voort om hulself vrye teuels te gee met ongeoorloofde seks en hulself vol te stop met brutale, geweldadige en seksueel prikkelende rolprente

en televisieprogramme; selfs al neem die gebruik van onwettige dwelms, veral onder ons jongmense toe; selfs al oorheers die wêreldse liberale ons media, politiek en selfs die meeste van ons kerke, kan *u* persoonlik begin om die "skrif aan die muur" te sien, namate God se ingryping in die weer toenemend duideliker raak. **U** kan persoonlik begin om **God** met u **hele hart** te **soek**. U kan tot Hom keer in opregte bekering en geloof deur die *ware* Jesus Christus van die Bybel en God toe te laat om *u lewete regeer*.

U sal dan God se beloofde goddelike beskerming geniet in die jare wat voorlê. U sal Sy seën en leiding hê deur die traumatiese situasies wat die

ganse mensdom binnekort in die gesig sal staar. Soos God aan antieke Juda vertel: "Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister. En julle sal My soek en vind *as julle na My vra met julle hele hart*" (Jeremia 29:12-13).

Nadat Hy die verskriklike gebeure wat voor ons lê beskryf het, gee Jesus opdrag: "*Waak dan en bid altyddeur*, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dingewat kom, te *ontvlug* en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:36). Mag God u help om presies dít te doen en mag Hy u lei om te **reageer** op die kennis wat u pas ontvang het!

## Wie beheer die weer?

*Is "natuurrampe" die onpersoonlike werking van "Moeder Natuur", of is dit 'n LEWENSBELANGRIKE boodskap van God?*

*Sodanige natuurrampe word soms 'n natuurkrag genoem, so bestier deur God.*

*Maar wat is Sy EINTLIKE rol in die droogtes, hongersnode, vloede en aardbewings wat ons wêreld tref?*

*Wat sê die Bybel oor sulke natuurrampe in die eindtyd?  
Hoe kan Christene hulle hierop voorberei?*

**Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!**



# Volke in benoudheid

Deur Mark Mandiola

*Terrorisme het die verhoudings tussen volke drasties verander en die geopolitiese uitkyk omskep. Geprofeteerde gebeure, wat uiteindelik die hele wêreld sal oorweldig, is aan die toeneem. Geen nasie sal gespaar word van die dreigende Derde Wêreldoorlog nie, maar daar is wonderlike nuus wat voorlê ná die traumatiese tye wat ons sal beleef*

Die wêreld sal nooit weer dieselfde wees na die verskriklike terroriste aanvalle wat die Wêreldhandelsentrum se tweelingtorings in New York platgevee en die Pentagon in Washington erg beskadig het nie. Duisende mense het gesterf en biljoene rande se skade aangerig.

Die gebeure van 11 September 2001 het die Verenigde State van Amerika in 'n internasionale oorlog teen terrorisme gedompel wat beloop om uitgestrek, duur en veeleisend te wees. Die terroriste het simbole van Amerikaanse ekonomiese en militêre mag, wat dreig om uitgeput te raak deur 'n verlengde oorlog op baie fronte dwarsdeur die wêreld, getref.

Die *London Daily Telegraph* berig op 30 Desember 2001 dat 'n tekort aan kruismissiele die VSA se planne vir 'n volkskaalse aanval op Irak, omver gewerp het. Aanvalle in 1998 teen Afghanistan en die Soedan en drie jaar gelede teen Kosovo het die Amerikaanse voorraad bykans uitgeput. Die hoeveelheid konvensionele lug-gelanseerde missiele wat aan die einde van 2001 oor was, was na bewering minder as 30. Die voorraad gesofistikeerde, dodelik-akkurate wapens is

besig om so uitgeput te raak dat militêre hoofde die vervaardigers, Boeing, onder druk plaas om vervaardiging te versnel.

Die *Telegraph* berig: "Dit is ook waarskynlik dat die Amerikaanse Vloot nie sal wil hê dat hul voorraad van Tomahawks (see-gelanseerde kruismissiele) uitgeput raak nie en sodoende die nagmerrie scenario skep, waar die wêreld se enigste supermoontheid sonder 'n lewensvatbare langafstand missielmag sal wees".

Die wêreld se magtigste nasie staar 'n ongekende toets van sy voornemens en hulpmiddels in die gesig. Indien sy ekonomie versuim om te herstel of sy militêre aanvalle nie daarin slaag om internasionale terrorisme 'n knou toe te dien nie, kan die internasionale prestige van Amerika onherstelbaar beskadig word.

In die jaarverslag wat op 31 Oktober 2001 vrygestel is, neem die Wêreldbank kennis van ongewone gelyktydige ekonomiese afnames in die Verenigde State, die Europese Unie en Japan, wat gekoppel met die negatiewe uitwerking van die aanvalle op 11 September 2001, veroorsaak het dat ekonomiese groeikoerse

dwarsoor die wêreld gesteier het. Die verslag berig dat die aanvalle "nuwe en onvoorspelbare magte ontketen het wat die risiko op 'n globale afname wesenlik verhoog het".

Daar is verwag dat groei in ontwikkelende lande in 2001 met 2,9 persent sou daal, effens meer as die helfte van die 5,5 persent koers van 2000. Latyns-Amerika, Oos-Asië en Afrika Suid van die Sahara is veral hard getref. Volgens die verslag het handels groei bykans tot stilstand gekom en van 13,1 persent na 1 persent gedaal in 2001; ongekende syfers sedert die olieskokke van die 1970's.

Die Federale Reserwebank in Washington het desperaat probeer om die Amerikaanse ekonomie tot herstel te skok deur herhaaldelik die rentekoerse te sny in die hoop dat die laer koerse meer beleggings en besteding sou aanmoedig.

Die laer rentekoerse, wat 'n geskatte nege maande neem om 'n effek te toon, dreig om die waarde van die Amerikaanse dollar te ondermyn, dieselfde tyd wat die Europese Unie die euro amptelik as hul wisseleenheid aanvaar het. Dit is ook die eerste keer wat 'n enkele geldeenheid dwarsoor die kontinent gebruik word sedert die Romeinse Ryk.

Analiste erken dat 'n nuwe supermoontheid aan die opkoms is. Binnekort sal die Europese Unie sy eie multi-nasionale weermag hê en dit is geskeduleer om teen 2004 nog 10 lande van Oos-Europa en die Middellandse See in te sluit. Met 'n bevolking van bykans 450 miljoen mense sal dit die wêreld se derde mees bevolkte politieke entiteit wees, naas China en Indië.

Die wêreld is getuigenis van die stadige val van die Amerikaanse Ryk en die opkoms van 'n Europese Ryk, wat belooft om 'n dramatiese en traumatiese invloed op elke bewoner van die planeet te hê. 'n Magsoorname is onderweg wat moeilikheid vir almal voorspel.

### Benoude volke

Toe Jesus deur Sy dissipels uitgevra was aangaande die teken van Sy koms en van die einde van die tyd, beskryf Hy die gebeure wat Sy Tweede Koms sou voorafgaan. Hy waarsku van godsdienismisleiding, oorloë en gerugte van oorloë, hongersnood, siekte-epidemies en natuurlike rampe wat dwarsdeur die wêreld algemeen sal voorkom. "Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnood wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte" vertel Hy hulle (Mattheus 24:7-8).

Christus se beskrywing van wêreldtoestande toon baie

duidelik presies dít aan wat koerantopskrifte en nuusuitsendings daagliks verkondig. Multi-nasionale militêre alliansies begin onder moonthede vorm aanneem. Die verspreiding van antraks, pokke en ander siektes dwarsoor die westerse wêreld en verder, is werklike vrese. Tog sê Christus dat hierdie toestande maar 'n begin van smarte is. Toestande sal versleg totdat alle menslike lewe in gevaar gestel en deur vernietiging bedreig word! "Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (verse 21-22).

Wanneer al die nasies van die aarde volslae radeloos is, sal Jesus Christus met geweldige mag ingryp om hierdie grootskaalse lewensvernietiging te voorkom. "En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal *al die stamme van die aarde rou bedryf* en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlijkheid" (verse 29-30).

In Lukas se weergawe van Christus se Olyfbergprofesie,

waarsku Jesus Christus ons om nie verskrik te word deur hierdie "dae van wraak" nie. Hy dui aan dat daar "*groot nood* in die land [sal] wees en toorn oor hierdie volk" soos profesie vervul word (Lukas 21:22-23). "En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en *op die aarde benoudheid van nasies* in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting *van die dinge wat oor die wêreld kom*. Want die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlijkheid" (verse 25-27).

Alle nasies sal onderwerp wees aan groot spanningsdruk en dwang. Niemand sal onaangeraak gelaat word deur hierdie rampspoedige gebeure nie. Mense in alle lande sal verdwaas gelaat word deur die dramatiese verandering in toestande, namate die aarde skud met natuur rampe wat 'n geweldige tol aan menselewens eis. In teenstelling sal die meeste van die mensdom, voordat hierdie gebeure 'n klimaks bereik, versonke in selfgenot wees, totaal onbewus van die snel verslegtende internasionale toestande, waarsku Christus.

Wie kan ontken dat die welaf Westerse lande en baie van die res van die wêreld in 'n materialistiese gefuif van ongekende mate is, in die afgelope jare?

"Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar

word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon" (verse 34-35).

### Die wêreld 'n gewapende kamp

Ons leef in 'n absoluut ballistiese wêreld. Aartsvyande Indië en Pakistan het elk kernwapens afgevuur en sodoende die vlak van gevaar op aarde verhoog deur 'n oorwegend Hindoenasie teen 'n oorwegend Moslemnasie af te speel.

Wêreldleiers beseef dat, wanneer hulle daartoe gedryf word, óf Indië óf Pakistan atoomaanvalle teen die ander kan loods. Sou dit gebeur, sal die Islamitiese en Asiatiese wêreld in volskaalse oorlog gedompel word en dit kan ander nasies soos 'n maalstroom insuig!

Die Bybel toon duidelik dat daar aan die einde van die tye 'n groot militêre opbou deur baie nasies sal wees, wat tot 'n hoogtepunt gelei sal word met die gebruik van gevreesde kern, chemiese en biologiese wapens in volskaalse wêreldoorlog.

"Roep dit uit onder die nasies, heilig 'n oorlog! Wek die helde op, laat al die krygsmanne nader kom, opruk! Smee van julle pikke swaarde en van julle snoeimesse spiese; laat die swakke sê: Ek is 'n held. Haas julle en kom aan, alle nasies rondom, en versamel julle. Laat u helde, HERE, daarheen aftrek!"

(Joël 3:9-11).

Indië en Pakistan het hul militêre mag getoets en veroorsaak dat die wêreld van hulle kennis neem, nadat hulle hul kernontploffings gedoen het. Hulle word nie meer as derderangse militêre magte beskou nie. Iran en Irak streef ook koersagtig daarna om kernvermoëns te bekom en dit is al jare lank bekend dat Israel wél daarvoor beskik.

Scott Ritter, 'n Amerikaner wat op 'n Verenigde Nasies ondersoekspan gedien het, het gewaarsku dat Irak drie kernbomme het wat slegs die splytbare stowwe kortkom om hulle te aktiveer. Daar is vrese dat Saddam Hoese in die opskorting van internasionale monetering gebruik het om sy soektog na die "oordeelsdag wapen" na te volg.

Profesieë toon dat chemiese en biologiese middels, sowel as interkontinentale ballistiese missiele met kern plofkoppe, dwarsoor die ganse planeet afgevuur sal word gedurende hierdie komende Derde Wêreldoorlog, of Groot Verdrukking. Dit is baie ontugterend en skrikwekkend om te beseef dat alle lewensvorme uitgewis kan word, namate nasies weer eens in die waansin van oorlog verval om hul verskille by te bring.

### Oorlog teen Christus

Christus se wederkoms sal nie deur die oorlogvoerende volke van die wêreld verwelkom word nie; dieselfde volke, op die

punt om wêreldselfmoord te pleeg. Hulle sal Hom as 'n invaller uit die buitenste ruim beskou en verenig om teen Hom oorlog te voer! Dit sal 'n tyd van uiterste druk vir alle lande wees.

"Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge? Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê: Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!" profeteer koning Dawid (Psalm 2:1-3).

Selvs massiewe vereniging van al die wêreld se weermagte en wapens sal belaglik wees in vergelyking met God se ontsaglike mag. "Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle. Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, en in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik" (verse 4-5).

God die Vader sal Jesus Christus as Koning oor die ganse aarde aanstel. Hy sê vir Christus: "Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting. *U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot*" (verse 8-9).

Dit sal vir Christus nodig wees om al hierdie militêre magte se aandag te trek op die enigste manier wat hulle ken: ontsaglike superieure mag! Gebeure in die Midde-Ooste sal hierdie finale eindtydse stryd afskop, wanneer Jerusalem omring sal wees deur leërs.

"Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, o Jerusalem!

Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; ... *En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog ...* En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde” (Sagaria 14:1-3, 9).

Die boek Openbaring toon duidelik dat Christus sal terugkeer as 'n oorwinnende gevegsman om alle nasies te onderwerp, voordat Hy Sy Koninkryk kan vestig en vrede op aarde kan meebring. “Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en *Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid ...* En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard *om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer*, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige” (Openbaring 19:11, 14-15).

Ondanks 'n wêreld wat deurtrek is met geweld, dood en hartseer, sal die nasies Jesus Christus se baie nodige ingryping verwelkom en hulle bekeer van hul vernietigende handel en wandel? Die skokkende, bykans ongelooflike antwoord is: Nee!

“En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here

geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid. En die vier-en-twintig ouderlinge wat voor God op hulle trone sit, het op hulle aangesig geval en God aanbid en gesê: Ons dank U, Here God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het. *En die nasies was vertoornd*, en u toorn het gekom” (Openbaring 11:15-18). Hierdie vertelling toon dat God in die mense se sake moet ingryp om “die verderwers van die aarde te verderf” (vers 18).

Onder diegene wat Christus se wederkoms op die mees aggresiewe manier sal teëstaan, sal die herrese Romeinse Ryk in Europa wees, 'n veelnasie godsdienstige en politiese stelsel wat met ekonomiese en militêre mag sal saamsmelt en die wêreld sal verbaas (Openbaring 17:1, 15). “*Hulle sal teen die Lam oorlog voer*, en die Lam sal hulle oorwin — want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings — en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou” (vers 14).

Duiwelse magte sal miljoene soldate opswep wat van die Ooste af op die Midde-Ooste sal toesak. “Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, *wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God ...* En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word

Armagéddon” (Openbaring 16:14, 16). Hulle sal buite Jerusalem by Megiddo bymekaarkom voordat hulle 'n volskaalse aanval op Christus in Jerusalem loods.

Die profeet Joël beskryf ook hierdie uiteindelijke stryd tussen Jesus Christus en die volke van die wêreld. “Ek [sal] al die nasies versamel ... Haas julle en kom aan, alle nasies rondom, en versamel julle. Laat u helde, HERE, daarheen aftrek! Die nasies moet hulle klaarmaak en optrek na die dal van Jósafat; *want daar sal Ek sit om gerig te hou oor al die nasies rondom ...* Menigtes, menigtes in die dal van beslissing, want naby is die dag van die HERE in die dal van beslissing! Die son en die maan word duister, en die sterre trek hulle glans in. En die HERE brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy sy stem” (Joël 3:2, 11-16). Die profeet Daniël beskryf Christus simbolies as 'n rots wat die nasies wat teen Sy goddelike heerskappy rebelleer, sal verbrysel (Daniël 2:34-35, 44).

Uiteindelik sal die mensdom se bloedige nalatenskap oor die eeue van oorlogvoering en die vernietiging van miljoene lewens in gewapende konflik tot 'n vinnige, beslissende einde gebring word deur Jesus Christus, die Koning van konings en Vrededors. Hy sal in geregtigheid oorlog voer en vrede dwarsoor die aarde bewerkstellig. Nasies sal nie meer hul ploegskare in swaarde verander nie. Christus sal die mensdom se afskuwelike

**Vervolg op bladsy 27**

# Europa — 'n Dier groei

Deur Douglas S. Winnail

Terwyl die wêreld se aandag op terrorisme, toenemende konflik in die Midde-Ooste en vrese van 'n resessie gefokus is, is profeties belangrike gebeure wat die wêreld sal stomslaan, besig om in die hart van Europa te ontwikkel. Een redaksionele kommentator stel dit: “die Europese 'projek' gaan voort teen 'n *versnellende pas*” (*The Sunday Times*, 16 Desember 2001). Die Kerk van God voorspel vir dekades al dit wat nou in Europa gebeur en het gewaarsku dat hierdie gebeure droewige gevolge vir almal van Amerikaanse en Britse afkoms, insluitende Suid-Afrikaners, sal hê.

## Eers die euro

Op 1 Januarie 2002 het die 12 lede van die Europese Unie dieselfde geldeenheid begin gebruik — die euro. Hierdie geskiedkundige mylpaal is 'n belangrike en simboliese stap op die pad na kontinentale integrasie. Hoewel daar baie vertwyfeling is, is die vervanging van die 12 afsonderlike geldeenhede met die euro, ontwerp om Europeërs te laat uitstyg bo nasionale verskille. Dit is betekenisvol dat Brittanje, Denemarke en Swede besluit het om nie daaraan deel te neem nie. Die euro is egter net die ore van die seekoei van *meeslepende veranderinge* wat

in Europa plaasvind. In Desember 2001 het die strydende Europese leiers gewerk om planne vir 'n **Europese weermag** te finaliseer, wat in 2004 operasioneel sal wees. Omdat Europa die wêreld se grootste voorsiener van buitelandse hulp is, sal hierdie Blits Reaksiemag Europa ware slaankrag in wêreldaangeleentede gee. In die komende jare sal Europa nie meer tweede viool hoef te speel teenoor Amerikaanse idees waarmee hulle selde saamstem nie.

Onder die masker van 'n stryd teen terrorisme, het EU leiers 'n **eenvormige dagvaardiging vir arrestasie** goedgekeur wat voorsiening maak vir *ongekende* samewerking tussen Europese wetstoepassings agentskappe. Die dagvaardiging vir arrestasie wat in 2004 in werking gestel sal word, sal 'n regter in een land toelaat om die arrestasie, uitlewering en gevangenskap van 'n persoon in 'n ander land te beveel *sonder 'n verhoor en sonder noodsaaklike bewyse!* Een Britse nuusblad waarsku dat “'n groeiende groep swaargewig regsmeening-ondersteuners glo dat die gevare [in hierdie prosedure] reusagtig is. Individuele vryheid word op die onverskilligste wyse *h a n t e e r . A n t i e k e voorsorgmaatreëls word opgeoffer*” (*London Daily Mail*,

13 Desember 2001). Selfs meer onheilspellend is 'n onlangse besluit deur die Europese Geregshof om die EU mag te gee om **kritiek te onderdruk** ten einde sy reputasie te beskerm. Dit beteken dat die Hof op enigiemand, insluitend skrywers, koerante, kommentators en politici, wat die EU leiers of beleid kritiseer, kan toeslaan. Hierdie bevinding, wat vergelyk met metodes wat in die 1920's en 1930's deur die fascistiese regerings gebruik is om meningsverskille te onderdruk, doen weg met vryheid van spraak! Die terroriste aanval van 11 September in Amerika het die *tydrooster* van diegene ten gunste van Europese integrasie en die skep van 'n Europese superstaat *versnel!*

'n Spesiale konvensie het in Maart 2002 begin om maniere te bespreek om die toekomstige beeld van die EU te beplan en sy instansies te hervorm. Voormalige Franse president Valery Giscard d'Estaing is aan die hoof van dié konvensie, wat in 2004 aanbevelings sal maak. Hy en sy onderhoofde is sterk federaliste wat ten gunste is van 'n altyd-verenigde unie en die voortgesette oorgawe van nasionale magte. Hierdie konvensie sal daartoe werk om 'n **Europese Grondwet** op te stel en die moontlikheid van 'n direk verkose **President van**



**Europa** bespreek, wat die deur sal open vir Pan-Europese politieke partye. 'n Skrywer se kommentaar was dat “'n direk verkose president die *magtigste politieke figuur in Europa* sal wees” (*Daily Mail*, 16 Desember 2001). Ten spyte van die momentum wat Europa voortstuur in die rigting van 'n superstaat, dring Britse politici daarop aan dat die konvensie Europa nie langs die federale pad sal stuur nie, maar integrasie as soewereine nasie-state sal aanmoedig. Een redaksionele artikel meld egter: “Europa beweeg voorwaarts en nie noodwendig in die rigting wat Brittanje sou wou hê nie” (*The Sunday Times*, 16 Desember 2001). Presies wat het gebeur in Europa te doen met Bybelprofesie en waarheen lei dit?

### Gevaar lê voor

Die profeet Daniël het 'n visioen ontvang van 'n groot beeld, wat vier koninkryke uitbeeld, wat die grootste deel van die Middellandse See area sou oorheers tot en met die wederkoms van Jesus Christus (Daniël 2:31-45). Die vierde ryk word oral herken as Rome. Die voete van die beeld bestaan uit **yster en klei** en beeld die finale fase uit van 'n ryk met herkenbare verbintenisse met Rome. Hierdie eindtydse mag sal gedeeltelik hard en gedeeltelik bros wees omdat die dele waaruit dit bestaan, nie natuurlik vasklewe nie (Daniël

2:41-43). Dit is 'n akkurate beskrywing van die Europese Unie wat na vore kom, waar die Romeinse en Heilige Romeinse Ryke eens geheers het. EU leiers erken dat hulle op geskiedkundige fondasies bou, tog sal dit nie maklik wees om volke met verskillende tale, tradisies en gebruike en met 'n geskiedenis van oorloë en onderonsies, bymekaar te hou nie. In sy finale vorm sal hierdie unie slegs 3½ jaar hou (Daniël 7:25; Openbaring 11:2).

In 'n ander visioen van Daniël beeld God hierdie vier ryke as **wilde diere** uit. Die vierde dier (Rome) word uitgebeeld as 'n gulsige, oorlogmakende dier met 10 horings, wat 10 opeenvolgende oplewings verteenwoordig (Daniël 7:19-25). Hierdie dier sal tye en wette verander en ware Christene vervolg (Daniël 7:21-25). Ander profesieë dui aan dat 'n charismatiese individu (ook 'n “dier” genoem), uiteindelik hierdie Europees-gebaseerde mag sal lei en bedrieglik die amp as vredemaker sal kry, om dan 'n tiran te word (Daniël 9:26-27; 11:20-32). Die **herlewing** van hierdie Satan-geïnspireerde, dieragtige mag, met verbintenisse in Rome, sal die wêreld skok (Openbaring 13:1-7). Dit sal gebeur wanneer 10 konings *hul heerskappy vrywillig oorgee* aan 'n magtige leier (Openbaring 17:12-13). Hierdie herleefde Romeinse stelsel sal 'n hoofspeler in wêreld ekonomie word, voor sy skielike val met Jesus Christus se

wederkoms (Openbaring 18). Die Bybel profeteer in die boeke Amos en Hosea, asook in Jesaja 10 en Jeremia 30, dat hierdie Duits-beheerde, eindtydse reus teen Amerika en ander volke van Britse oorsprong sal draai en hulle in gevangenskap wegvoer as gevolg van hul nasionale sondes. Om meer oor hierdie noodsaaklike onderwerp te wete te kom, versoek gerus ons gratis boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook vir Suid-Afrika?*

Al hierdie geprofeteerde gebeure is besig om bymekaar te kom in Europa. Duitsland begin weer na vore kom as 'n natuurlike kandidaat om 'n Verenigde Europa te vorm en volg sodoende in die voetspore van baie wat tevore probeer het om die erfenis van Rome te laat herleef; onder andere Karel die Grote, die Duitse en Oostenrykse konings van die Heilige Romeinse Ryk, Napoleon en Mussolini. Ons sal moet wag en sien watter titel aan 'n leier van 'n hedendaagse Europese superstaat gegee sal word. Die politieke ratte wat vandag opgestel word sal daardie leier in staat stel om algehele magte op te eis wanneer dit “nodig” of moontlik word! Hoewel idealistiese beplanners voorsien dat 'n Europa gebou op gedeelde middele, dieselfde geldeenheid en gemene wette, vrede en stabiliteit na die kontinent (en die wêreld) sal bring, dui Bybelprofesie aan dat dit nie die geval sal wees nie. Die Europa

**Vervolg op bladsy 19**

# Stel 'n goeie voorbeeld

Deur Richard F. Ames

Jesus sê: “Julle is die lig van die wêreld” (Mattheus 5:14). Hy sê ons moet soos ligte in die wêreld skyn sodat ander “[ons] goeie werke kan sien en [ons] Vader wat in die hemele is, verheerlik” (Mattheus 5:16). God het ons geroep om die *lewenswyse* van ware Christenskap uit te leef. Ons liefde en gehoorsaamheid aan God se geboorte is 'n getuigenis van ons beoefening van die Christenskap van die Apostels, die lewenswyse wat Jesus en Sy dissipels geleef het.

Stel *u* werklik 'n Christenvoorbeeld? Of ons dit besef of nie, dra ons gedrag, optrede, gesindheid en oortuigings 'n voorbeeld aan andere oor. Daar is 'n gesegde in die kommunikasieveld wat lui: “'n Mens kan nie, nié kommunikeer nie”, met ander woorde, ons kommunikeer of ons wil of nie. Indien ons gesigte uitdrukkingloos bly, sal ons lyftaal aan ander mense oordra dat ons moontlik iets wegsteek. Indien ons egter 'n lig vir die wêreld is, sal ons uitdrukking God se liefde, vreugde en vrede uitstraal!

In 1962 het ek 'n jarelange getroue lidmaat van die Pasadena, Kalifornië gemeente ontmoet. Sy vrou was nie 'n lidmaat nie, maar sy getroue voorbeeld as haar eggenoot het sy vrou oortuig en na elf jaar van sy Christelike voorbeeld, is sy

vrou bekeer. Die apostel Paulus skryf dat 'n eggenoot se invloed selfs 'n maat kan “red”. “Maar vir die ander sê ek — nie die Here nie — as enige broeder 'n ongelowige vrou het en sy dit goetvind om met hom saam te lewe, moet hy haar nie verstoot nie; en as 'n vrou 'n ongelowige man het, en hy dit goetvind om met haar saam te lewe, moet sy hom nie verstoot nie. Want die ongelowige man is geheilig deur die vrou, en die ongelowige vrou is geheilig deur die man; want anders sou julle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig. Maar as die ongelowige wil skei, laat hom skei. In sulke gevalle is die broeder of suster nie gebonde nie. Maar God het ons tot vrede geroep. Want hoe weet jy, vrou, of jy die man sal red; of hoe weet jy, man, of jy die vrou sal red?” (1 Korintiërs 7:12-16).

U getroue Christenkarakter kan bydra tot die bekering van 'n ander persoon. God roep mense (Johannes 6:44), maar die goddelike liefde, geduld, vriendelikheid en diens van 'n ware Christen kan 'n groot verskil maak! Later, in die 1970's het ek 'n vrou ontmoet wat lank 'n getroue lidmaat in Big Sandy in die Texas area was. Haar jarelange voorbeeld van diens aan haar man as 'n liefdevolle vrou het tot sy bekering gelei. Sy was ongeveer 12 jaar gedoop voordat haar man uiteindelik bekeer is.

## Ons sending

Het *u* voorbeeld 'n invloed op ander mense? Ten goede of ten kwade? Het God *u* al ooit gebruik om iemand “tot regverdigheid” te “lei” (sien Daniël 12:3)? Het God *u* al ooit gebruik om iemand te “red”? Die krag van iemand se *persoonlike voorbeeld* is een van die grootste Christen-werktuie om ander te beïnvloed. Trouens, ons het 'n sending om andere te *beïnvloed*; deur ons gedrag, ons voorbeeldige diens, ons woorde en ons gesindheid!

Ons Verlosser gee ons nog 'n metafoor vir ons identiteit: “Julle is die sout van die aarde” (Mattheus 5:13). Sout is 'n preserveermiddel. Dit gee smaak en geur aan die lewe. Jesus sê in Markus 9:50: “Julle moet sout in julle hê en vrede hou met mekaar”. Vroeër het ons gesien, vertel Hy ons ook om ons lig te laat skyn! “Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik” (Mattheus 5:14-16).

Christus het aan ons die sending toevertrou om die sout

van die aarde en 'n lig vir die wêreld te wees! Ons karakter en persoonlikheid moet andere tot geregtigheid oortuig, of ten minste as getuie vir die wêreld dien. Soos Spreuke 16:21 sê: “'n Wyse van hart word verstandig genoem, en soetheid van lippe vermeerder die lering”. Die Nuwe Vertaling stel dit só: “'n Mens wat met wysheid bedeel is, word verstandig genoem, en as hy sy woorde reg kies, kan hy ook ander leer”.

Die Christenlewe straal lig en positiewe invloed uit. In sy boek, *The Message of the Sermon on the Mount*, skryf John R.W. Stott: “'n Christen se karakter soos in die Saligsprekinge beskryf en 'n Christen se invloed soos dit in die sout en lig metafore omskryf word, staan organies in verhouding tot mekaar. Ons invloed hang van ons karakter af, maar die Saligsprekinge stel 'n baie hoë en presiese standaard” (bl. 68). Ja, God stel aan ons hoë standarde vir ware Christenskap, maar Hy gee ook vir ons die *krag* om daardie standarde te bereik (2 Timotheus 1:7; Filippense 4:13).

Hoe toegewyd is ons daaraan om die *hele lewenswyse* wat deur ons Verlosser onderrig was, te vervul? In sy artikel “Our Mission as a Church” (*Living Church News*, Mei-Junie 2001, bl. 20) omskryf ons voorsittende evangelis, dr. Roderick C. Meredith die “sewewoudige” opdrag aan die Kerk. Let op die vierde van die sewe items: “Wees VOORBEELDE van Christus se lewenswyse vir die Kerk as geheel en vir die

wêreld”.

Christus het ons opdrag gegee om *as voorbeeld van 'n lewenswyse te dien*. Die meeste van ons weet goed dat Christenskap 'n hele lewenswyse is, nie net 'n eendag-per-week of oppervlakkige godsdiens nie! Die dissipels was in Antiochië vir die eerste keer “Christene” genoem, maar let op wat die ware godsdiens genoem was. Voor Saulus se bekering, het hy die dissipels vervolgt en hy het “van hom [die hoëpriester] briewe gevra aan die sinagoges in Damaskus, sodat as hy mense sou vind wat van die Weg was, manne sowel as vroue, hy hulle geboeid na Jerusalem kon bring” (Handelinge 9:2; 19:9, 23; 24:22). Ja, ons moet vir die wêreld 'n *voorbeeld* stel van God se hele lewenswyse! Dit beteken ons moet daarna streef om van “elke woord van God” te leef (Mattheus 4:4; Lukas 4:4).

Deur die profeet Daniël verduidelik God nog 'n belangrike aspek van ons sending. In die eerste twee verse van hoofstuk 12 profeteer Daniël van “'n tyd van benoudheid” en die opstanding wat sal volg. Wie sal in daardie opstanding verheerlik word? “En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos” (vers 3). Ons verkondiging van die Evangelie *en ons voorbeeld*, het baie tot geregtigheid gekeer en sal voortgaan om baie tot geregtigheid te keer. Later in hierdie artikel sal ons meer

beginsels vir getuie aan, asook positiewe invloed op andere, sien.

### Volg die regte voorbeelde

Wie is u held? Wie se voorbeeld volg u? Baie mense kyk op na sporthelde soos Jacques Kallis, Shaun Pollock, Ernie Els, Wayne Ferreira of Penny Heyns. Ander kyk op na groot presteerders onder musikante, rolprentsterre, besigheidsmense, politici, militêre leiers en staatsmanne. Terwyl sommige mense suksesbeginsels op fisiese vlak mag uitbeeld, wie moet ons op geestelike vlak navolg?

Jesus gee ons opdrag om *Hom* te volg! Hy vertel Sy dissipels: “Kom agter My aan, en Ek sal julle vissers van mense maak. En hulle het dadelik die nette laat staan en Hom gevolg” (Mattheus 4:19-20). Ons verbintenis daartoe om Hom te volg vereis onselfsugtigheid en toewyding. “Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind” (Mattheus 16:24-25). Ons gewilligheid, om 'n lewende offer te wees en ons Verlosser te volg, moet *elke dag* aktief wees! Volg u daagliks Sy voorbeeld? Jesus sê: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg” (Lukas 9:23). Ons geestelike voorbeeld aan

andere moet hierdie gesindheid elke dag weerspieël!

As die groot geestelike Herder ken Jesus diegene wat Hom volg, en Sy skape — Sy volgelinge — ken Hom: “My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie” (Johannes 10:27-28). Jesus belooft ewige lewe aan diegene wat Hom getrou volg! Hy het die voorbeeld van diens en opoffering gestel, beide in die lewe en in die dood. Hy was gewillig om Sy lewe vir die sondes van die wêreld te gee: “En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneg wees; net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie” (Mattheus 20:27-28).

Is ons gewillig om ons lewens in diens tot die Meester te gee? Is ons gewillig om andere te help met hul mees basiese behoeftes? In die klassieke rolprent, Ben Hur, gaan Romeinse gevangenes deur die dorpie Nasaret. Een van die gevangenes in kettings, Ben Hur, word met 'n sweep geslaan en Jesus gee hom water om te drink. Aan die einde van die rolprent dra Jesus, geslaan en vol littekens, die kruis. Oppad na Golgota, val Jesus. Ben Hur beurt deur die skare en gee aan Jesus water! Hierdie uitbeelding, hoewel dit nie histories korrek is nie, het my

geraak. Ons moet gewillig wees om op te offer om andere tot diens te wees volgens Jesus se voorbeeld: “Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gelyk het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg” (1 Petrus 2:21).

Diegene van ons wat die voorreg gehad het om aan die Nuwe Testament Pasga deel te neem, het die les van nederigheid en diensbaarheid geleer. Jesus het weer eens vir ons die voorbeeld gestel. Toe Hy Sy dissipels se voete gewas het, sê Hy: “Julle noem My Meester en Here, en julle is reg, want Ek is dit. As Ek dan, die Here en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was. Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, 'n dienskneg is nie groter as sy heer nie, en 'n gesant is ook nie groter as die een wat hom gestuur het nie. As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen” (Johannes 13:13-17).

God die Vader het Sy Seun gestuur om die grootste voorbeeld van *liefde* en *lewe*, wat die wêreld nog ooit gesien, te wees en Hy roep ons om daardie voorbeeld met ons hele hart te volg! Jesus, die Hoof van die Liggaam, het ook opgeleide en verkose leiers om ons geestelike leiding te gee. Die apostel Paulus skryf aan die Gemeente in Korintië: “Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is. En ek prys julle,

broeders, dat julle in alles aan my dink en aan die leringe vashou soos ek dit aan julle oorgelewer het” (1 Korintiërs 11:1-2). Ons moet gewillig wees om die Christenleierskap van God se dienaars te volg.

Hebreeërs 11, die “geloofshoofstuk”, gee aan ons baie meer voorbeelde van God se getroue dienaars. In ons moderne tydperk weet ons van baie andere wat in die geloof (Hebreeërs 11:13) gesterf het, insluitend mnr. en mev. Herbert W. Armstrong, wie se positiewe voorbeeld ons volg. Let op hierdie vermaning: “Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle *geloofna*” (Hebreeërs 13:7).

Ons word ook in die Bybel gewaarsku teen *negatiewe* voorbeelde. Die Israeliete het te min geloof gehad en het “ongeloof” beoefen. Luister na hierdie vermaning: “Sorg daarvoor, broeders, dat daar nie miskien in een van julle 'n bose en ongelowige hart is deurdat hy van die lewende God afvallig word nie. Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie” (Hebreeërs 3:12-13). Ons moet 'n positiewe voorbeeld stel: “Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie” (Hebreeërs 4:11).

Die apostel Judas (soos Petrus in 2 Petrus 2:6), waarsku

ons met die verskriklike voorbeeld van Sodom en Gomorra: “Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aan geloop het, as 'n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan” (Judas 7). Lesers, mag almal van ons ag slaan op hierdie voorbeelde en daarna streef om *positiewe voorbeelde* na te volg.

### Ons persoonlike voorbeeld

Watter soort voorbeeld stel ek en u vir andere? Jesus vertel ons om ons ligte te laat skyn. *Hoe* kan ons die regte voorbeeld stel? Hier volg 'n aanhaling wat dr. Meredith in Mei 2001 in die *Living Church News* geskryf het:

“In dit alles moet ons almal probeer help wat ons kan, beide diegene binne en buite die ware Kerk, om ten minste die konsep te begryp dat ware Christene “na ELKE woord ... van God” moet leef en dat Christus letterlik Sy lewe binne ons LEEF deur die Heilige Gees (Galasiërs 2:20). 'n Noodsaaklike deel van hierdie sending is dat ons 'voorbeelde' en 'ligte' vir die wêreld moet wees (Mattheus 5:14-16). As die “huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid” (1 Timotheus 3:15), moet ons, geagte lesers, die VOORBEELD vir die wêreld — en vir alle belydende Christene — stel van die lewensWYSE wat Jesus

onderrig het!

In ons persoonlike lewens, in ons ywerige werk en produktiwiteit, deur ons noue bande met ons vroue en gesinne, en in 'n gedurige VRYGEWIGE gees waardeur ons andere help en dien, moet ons 'n suiwer voorbeeld stel van waarvoor Christus werklik staan! Dit is 'n baie groot verantwoordelikheid vir elkeen van ons en is trouens deel van ons opdrag.

Deur ons eie voorbeelde, moet ons 'n standaard van selfbeheersing, wysheid, oordeel, geloof, moed en — belangrikste van almal — ware LIEFDE en spontane besorgdheid stel. Ons moet deur ons optrede aan andere wys dat ons God wel LIEFHET en Hom en Sy geboorte bo alles plaas wat ons sê, dink en doen” (“Our Mission as a Church”, *Living Church News*, Mei-Junie 2001, bl. 19).

Ons moet die beginsels wat in dr. Meredith se kommentaar omskryf is, toepas. Of ons dit besef of nie, ander mense neem ons optrede, woorde en lewenswyse waar. Dink aan die maniere waarop u andere gehelp het. Om die *hele* lewenswyse wat deur Christus uitgebeeld was te leef, is noodsaaklik! Watter ander belangrike sleutels is daar om die regte voorbeeld te stel? Hier volg verskeie bykomende praktiese stappe:

**1. Bid vir gemeentelede in nood.** Bid vir hul genesing (Jakobus 5:16). Bid vir nasionale leiers en bure (1 Timotheus 2:1-4). Bid vir u vyande (Mattheus 5:44). Vertrou op God, dat — al kan mense u nie “sien” bid nie — Hy diegene beloon wat ongesiens diens doen (Mattheus 6:4). U “lig” sal skyn deur u spontane gesindheid.

**2. Bemoedig en spoor mekaar aan.** Hebreërs 10:24-25 vertel ons: “Laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom”. 'n Algemene boekwinkel kaartjie: “Kinders leef wat hulle beleef” gee ons hierdie perspektief: “As 'n kind met kritiek saamleef, leer hy om te veroordeel .... As 'n kind met bemoediging saamleef, leer hy vertrou”. Bemoediging doen baie om ander mense positief te beïnvloed.

**3. Loop die ekstra myl saam.** Ons bereik dikwels net wat verwag word, maar Jesus sê: “En elkeen wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam” (Mattheus 5:41). Streef daarna om meer te doen in u werk, in u diens aan die behoeftiges en u verpligtings teenoor familie en vriende.

**4. Streef daarna om 'n vredemaker te wees.** Jesus sê: “Salig is die vredemakers, want



hulle sal kinders van God genoem word” (Mattheus 5:9). Sê vir iemand u is jammer, vra om vergifnis en vergewe self. Wanneer iemand in 'n konflik situasie kaalkop die waarheid vertel word, gee 'n sagte antwoord (Spreek 15:1).

#### 5. Praat die waarheid in liefde.

Die apostel Paulus skryf: “Maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus” (Efesiërs 4:15). Bid om eerlik, diskreet en goedig te kan kommunikeer. “Goue appels op versierde silwerborde, so is 'n woord op sy tyd gesprek” (Spreek 25:11).

6. **Deel u geloof.** Jesus waarsku diegene wat hulle sou skaam vir Hom en Sy woorde (Markus 8:38). Paulus sê hy is nie skaam vir die Evangelie nie (Romeine 1:16). Wees gereed om 'n antwoord vir u geloof te gee (1 Petrus 3:15). Wees gereed om andere die tyd en radiostasie te gee, sodat hulle na die *Wêreld van Môre*-uitsendings in u plaaslike area kan luister. Wees gereed om aan iemand die gratis inskrywing op die *Wêreld van*

*Môre*-tydskrif te gee of die inskrywing op die Bybel-studiekursus. Saai die sade van die Koninkryk (Galasiërs 6:7-10).

#### 7. Straal die vrugte van die Gees uit.

Wanneer ander mense u ontmoet, straal u liefde, vreugde, vrede en geduld uit? Die heel eerste kenmerke van liefde is geduld en goedheid: “Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie” (1 Korintiërs 13:4). Bly positief en vreugdevol! “Verbly julle altyd in die Here ek herhaal: Verbly julle!” (Filippense 4:4).

Die *krag van persoonlike voorbeeld* soos ons gesien het, is een van die grootste Christenwerktuie om 'n invloed op andere te hê. Elkeen van ons het 'n invloed op iemand anders, of ons wil of nie! Christus gee ons opdrag om die sout van die aarde en 'n lig vir die wêreld te wees. Hy wil hê dat ons vele tot geregtigheid keer, ander help om hul menslike potensiaal te bereik en hul Godgegewe gawes te gebruik en om ander in

God se Koninkryk in te help. U voorbeeld mag andere tot geregtigheid keer en mag lei tot 'n ander persoon se redding! “Want hoe weet jy, vrou, of jy die man sal red; of hoe weet jy, man, of jy die vrou sal red?” (1 Korintiërs 7:16).

Moet nooit die invloed wat u op andere het gering ag nie. *Ons voorbeeld* is altyd 'n aktiewe invloed. Ons woorde, gewoontes en daede in die openbaar of ongesiens — moontlik 'n drukkies, 'n dankie-sê kaartjie of 'n bemoedigende woord — mag iemand na die waarheid en na geregtigheid keer. Ons moet daarna streef om die sending wat dr. Meredith uitgestip het, te vervul: “Wees VOORBEELDE vir die Kerk as geheel en vir die wêreld van Christus se lewenswyse”.

Ons is opdrag gegee om 'n lewenswyse uit te beeld. *Ons* is die lig van die wêreld en die sout van die aarde. Bid dat u baie tot geregtigheid kan keer. Laat Jesus Christus *u* gebruik, u invloed, u persoonlikheid, u Christenvoorbeeld. Laat God se Gees in liefde uit u vloe en laat God u en die krag van u persoonlike voorbeeld gebruik!

---

### Europa — 'n Dier groei (Vervolg vanaf bladsy 14)

wat vandag byeenkom, wat Amerika bevorder en waartoe Brittanje instem, sal uiteindelik 'n **gevaarlike en dodelike teenstander** word voor Jesus Christus se wederkoms. Een

verslaggewer voer aan dat Europese staatsmanne onwetend deur hul optrede dit “wat kan ontaard in 'n Satanskookpot” ontketen het (*The Sunday Times*, 16

Desember 2001). Waarskuwingsklokke word gelui! Ons moet wêreldgebeure noukeurig *dophou* en as Christene *groei*, want *profesie begin leef*, veral in Europa!

# Noodsaaklike sleutels om op koers te bly

Deur Douglas S. Winnail

Een van die grootste uitdagings wat Christene vandag in die gesig staar, is om gefokus te bly en koers te hou in 'n wêreld vol beproewings, versoekings, afleidings en misleidings. Veral wanneer ons tussen opregte mense met goeie bedoelings woon en werk, is dit maklik om te vergeet dat die god van hierdie wêreld opsetlik gevaarlike lokvalle stel, om dié wat onbedag is, te mislei en vernietig (2 Korintiërs 2:11; 4:4; Efesiërs 6:11-13; 1 Petrus 5:8-9). Tog is die Bybel vol *waarskuwings* teen wat sal volg as ons ons fokus verloor én dit gee *instruksies* om op koers te bly — *mits* ons oë het om te sien en ore om te hoor!

## Waarskuwings en advies

Daar is 'n ou gesegde dat diegene wat nie uit die lesse van die verlede leer nie, gedoem is om die foute van die verlede te herhaal. Die Bybel noem vele voorbeelde van hierdie fundamentele waarheid. Adam en Eva is uit die Tuin van Eden verdryf omdat hul fokus van God se opdragte afgelei was. Hulle het na Satan en sy listige, verwronge halwe waarhede en hul eie menslike redenasies geluister (Genesis 3). Die antieke volk van Israel het in

gevangenskap gegaan omdat hulle misleide leiers gevolg en op heidense vorms van aanbidding gefokus het, eerder as om God se gebooe te volg (1 Konings 12:25-33; 14:15-16). Dawid het in die moeilikheid beland en Salomo se opvolger het die Huis van Israel, bestaande uit tien stamme, verloor omdat hulle op die fisiese skepping (die skoner geslag) gefokus het, pleks daarvan om hul Skepper en Sy instruksies te gehoorsaam (2 Samuel 11; 12; 1 Konings 11:1-11). Hierdie voorbeelde is aangeteken tot die vermaning van Christene wat aan die einde van die tyd leef (1 Korintiërs 10:11).

Een van die belangrikste maniere waarop Satan ons van koers af trek, is deur hom op ons intellek en ons eie redenasievermoë te beroep. Wanneer ons fokus van die Woord van God af wegbeweeg, neig ons na gedagtes wat vir ons redelik voorkom en wat dit wat ons wil doen, regverdig. Tog waarsku die Bybel herhaaldelik “Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood” (Spreuke 14:12; 16:25). Tensy ons op God se opdragte gefokus bly en aan Sy waarskuwings, dat menslike redenasies ons weg kan lei (Jeremia 17:9), gehoor gee, sal

ons onself mislei en ernstige gevolge dra. Ons word egter vertel dat wanneer die oog *reg* is (in slegs een rigting op een hoofdoel gefokus is), die hele liggaam verlig is (Mattheus 6:22-23). Om in die *regte rigting koers* te hou en op die *regte doelwitte* te fokus, kan ons help om groot foute te voorkom!

Die gelykenis van die saaiër is in besonder van toepassing op die onderwerp van koers hou (Mattheus 13:18-23). In dié gelykenis beskryf Jesus vier kategorieë mense. Die eerste hoor die Waarheid en word dan onmiddellik deur Satan *afgelei*, hulle vind nooit die regte koers nie. Die tweede ontvang die Waarheid met entoesiasme, maar omdat hulle nie die tyd neem om noukeurig te bewys wat hulle glo nie, word hulle *van koers af gewaai* en struikel “as daar verdrukking en vervolging kom ter wille van die woord” (Mattheus 13:21). Sulke beproewings kan teenstellings in leerstellings, kerksplete, spottery, die aantrekkingskrag van gewilde misleidende leiers of vreemde idees én fabels wees. Die derde raak besig met die sorg van die wêreld (die eie ek, gesin, werk en gesondheid), die gejaag na geld, materiële besittings en die aantrekkingskrag van wêreldse

plesier (aanvaarding, prestige, stokperdjies, vermaak, pret) wat hul fokus van die Waarheid van God aftrek. Slegs een van die vier groepe bly op die regte doelwit gefokus; die res verloor hul koers en slaan ander rigtings in. In die lig van hierdie ernstige waarskuwings moet ons sewe noodsaaklike sleutels oorweeg, wat ons sal help om die regte fokus te behou.

### Die Woord van God

Ons moderne, snelpas wêreld is deurtrek met verwarring oor God, die Bybel, die waarheid, die ware Kerk en die doel van die lewe. Die heidense heerser Pilatus het die spot gedryf met die idee van waarheid (Johannes 18:38). Ons hoor vandag nog dieselfde skeptiese kommentaar. Tog sê Jesus dat kennis van die waarheid ons kan vrymaak van die verwarring van hierdie wêreld (Johannes 8:32). Die Bybel voer aan dat God se Woord, Sy wette en Sy gebooie *waarheid* is (Psalm 119:142, 151, 160). Die Bybel bevat die absolute waarheid (Johannes 17:17). Daarom is dit so belangrik om die Bybel te *bestudeer*, sodat ons *weet* wat God in Sy woord onthul (2 Timotheus 2:15). Ons moet idees noukeurig evalueer voordat ons dit aanvaar, bewys wat reg is en vasklou aan dit wat ons bewys het, anders sal ons ons fokus en ons koers verloor (1 Thessalonicense 5:21).

Ons leer slegs uit die Bybel die waarheid oor God en Sy plan

vir verlossing, die regte wyse waarop ons kan aanbid, die regte leerstellings om te onderrig en te glo, die ware doel van die lewe, die regte lewenswyse, die regte doelwitte om op te fokus en wat ons in hierdie wêreld moet vermy, wat ons slegs in die moeilikheid sal bring. Daarom is dit belangrik om te *weet* wat die Bybel werklik sê. Die Bybel verskaf 'n standaard waarteen alles gemeet kan word. Ongelukkig dra menslike opinies (ons eie of iemand anders s'n) vandag méér gewig as die waarheid wat God in die Bybel onthul het. Ons kan nie bekostig om onkundig te wees oor die ware bron van waarheid nie of toelaat dat ander belange inmeng met *gereelde studie* van die Woord van God nie. Indien ons dit doen, sal ons ons fokus verloor en van koers af dwaal.

### Ware God en Opregte Jesus

Die God van die Bybel is 'n God van genade en geregtigheid (Psalm 101:1), wat mensewesens geskep het met die doel om hulle te leer om te kies tussen die regte weg wat God onthul en die verkeerde, misleidende weë wat Satan voorstaan (Deuteronomium 30:11-20). In Sy wet onthul die God van die Bybel *wonderlike dinge* aan Sy uitverkore mense, sodat hulle voorbeelde vir die wêreld en 'n seën vir die mensdom kan wees (Deuteronomium 4:1-14; Psalm 119:18; Hosea 8:12). Die ware God beloof seëninge vir

gehoorsaamheid aan Sy wette en straf vir ongehoorsaamheid (Levitikus 26; Deuteronomium 28). Hy waarsku ons spesifiek om nie tot Sy Woord toe te voeg of daarvan weg te laat nie (met verwysing na godsdiensidees en praktyke — sien Deuteronomium 4:2; Openbaring 22:18-19) en om nie idees van heidense godsdienste te leen nie (Deuteronomium 12:29-32). Die God van die Bybel verander nie (Maleagi 3:6; Hebreërs 13:8), tog word hierdie God eintlik deur baie verwerp wat daarop aanspraak maak dat hulle aan Hom glo. Pleks van die Bybelse God, het baie mense 'n god geskep waarmee hulle gemaklik is — 'n minder dreigende, veel minder veeleisende, toegeeflike ouer wat nie vereis dat reëls nagekom word nie en wat nie 'n bepaalde vorm van regering toepas nie. Hierdie mensgemaakte en denkbeeldige god is tevrede met mense wat hom aanbid soos hulle verkies, selfs al sluit hul aanbidding gebruike in van heidense oorsprong. Net soos die antieke Israëliete, het baie wat hulself vandag "Christen" noem, die ware God *vergeet* en verdraaide weë aangeneem (Jeremia 3:21; 2 Timotheus 3:5). Indien ons gefokus wil bly in hierdie deurmekaar wêreld, moet ons *onthou* wat die Bybel onthul oor die *ware* God.

Die werklike Jesus waarsku dat *baie* in Sy naam sal kom (daarop aanspraak maak dat hulle Christene is) en *baie sal mislei* (Mattheus 24:5). Paulus waarsku teen leraars wat 'n

“ander Jesus” verkondig wat geen *ooreenkoms* toon met die Bybelse Verlosser nie (2 Korintiërs 11:3-4). Die beeld van Christus met die meisie-agtige gesig en lang hare wat vandag deur miljoene aanbid word, is in skrilte kontras met die Bybelse duidelike vermaning vir mans om nie lang hare te dra nie (1 Korintiërs 11:14). Die beeld van 'n “sagte en verwyfde” Jesus strook nie met die jong skrynwerker wat tafels omgegooi, diere en tollenaars uit die tempel gejaag het, die priesters en misleide gelowiges vertel het dat hulle geveins en “kinders van die duiwel” was, omdat hulle *teenstrydig* met God se wette geleer en opgetree het nie (Mattheus 21:12-13; 23:13-17; Johannes 8:42-44). Die Bybelse Jesus het die Sabbat (Lukas 4:16) en die Heilige Dae (Johannes 7) onderhou, net soos die Apostels wat Hy opgelei het (Handelinge 17:2; 18:4, 21; 1 Korintiërs 5:8). Hy onderrig duidelik: “Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooië” (Mattheus 19:17). Vir die Christus van die Bybel was die wette van God *nie* 'n las of uitgediende oorblyfsel van 'n ou verbond nie! Die Bybel sê dat Jesus Christus nie verander nie (Hebreërs 13:8) en soos Sy Vader, is Hy begaan oor genade (Titus 3:4-5) en geregtigheid (Jesaja 9:6-7). Hy kom terug na hierdie aarde om Sy koninkryk te vestig, die heiliges te beloon en diegene wat die aarde bederf het, te vernietig (Openbaring 11:17-18). Die wederkoms van die *opregte* Jesus sal die wêreld

skok! Die *Bybelse* Jesus is in skrilte kontras met die Jesus wat vandag in die meeste kerke aanbid word! Opregte Christene kan nie bekostig om hul fokus te verloor deur die “ander” Jesus te aanvaar wat al vir eeue aan 'n onbedagte wêreld afgesmeer is nie.

### Die ware Evangelie

Die *ware* evangelieboodskap wat deur Jesus Christus verkondig was, sal baie belydende Christene wat hul fokus verloor het, verbaas. Die wêreld neem oor die algemeen aan dat Jesus met 'n aangename boodskap van liefde, genade en verlossing gekom het vir almal wat hul hart vir die Here gee en glo dat Jesus die Seun van God is. Tog onthul die Bybel dat *selfs die duiwels hierdie dinge glo* (sien Markus 5:1-8; Jakobus 2:19), maar Jesus gee Sy dissipels opdrag om die *ware* evangelie te verkondig en die werklikheid van die komende koninkryk van God te beklemtoon (Mattheus 9:35; 10:6-7). Dit was die evangelie wat Christus voor Sy kruisiging verkondig het. Jesus beklemtoon dat as iemand in God se koninkryk wil wees, hy hom moet bekeer van sonde en die gebooië van God moet onderhou (Markus 1:15; Johannes 14:15).

Na Sy opstanding, voeg Jesus 'n *bykomende* dimensie by tot die evangelie. Hy vertel die dissipels dat hulle getuies vir die wêreld moet wees; dat Sy lyding, dood en opstanding nodig was

vir die vergifnis van sondes (Lukas 24:44-49). Tog gaan Jesus voort om op die koninkryk van God te fokus, soos die dissipels gedoen het (Handelinge 1:3, 6). Die Kerk, in die tyd van die Apostels, het *beide* van die komende koninkryk van God *en* die dinge aangaande Jesus Christus verstaan en daarvoor onderrig (Handelinge 8:12; 28:23, 31). Ongelukkig het die “algemene Christen”-wêreld, die spoor van die evangelie van die koninkryk byster geraak en verkeerdelik slegs op die lewe en persoon van Jesus Christus gefokus. Baie kerke het die helfte van die evangelieboodskap *gemis*, omdat hulle misleide leiers volg wat hul fokus verloor het. Baie belydende Christene vandag besef nie dat hulle 'n “ander evangelie” voorgehou word nie, waarteen Paulus herhaaldelik in sy sendbriewe gewaarsku het (2 Korintiërs 11:1-4; Galasiërs 1:6-9). Dit word duidelik wanneer ons die Evangelies lees en oplet na die ware evangelie wat Jesus verkondig het (Markus 1:14-15; Lukas 4:43; 8:1).

### Die ware Kerk

Baie mense dink vandag aan die kerk as 'n gebou. Vir andere is die kerk vaagweg 'n groep mense wat in God en Jesus glo. Miljoene mense behoort na bewering aan hierdie “mistieke liggaam” van Christus. Wanneer ons egter fokus op wat die Bybel oor die Kerk onthul, vind ons presies die teenoorgestelde. Jesus sê dat die Gemeente wat

Hy stig, sal bly voortbestaan as 'n *werklike entiteit* (Mattheus 16:18). Hy sê dat dit 'n klein, uitgespreide en vervolgte groep mense sal wees (Lukas 12:32; Johannes 15:20; 16:32). Jesus sê dat ware Christene nie “van die wêreld” is nie (Johannes 17:16), maar hulle word beveel om *uit die wêreld te kom en apart te wees* (2 Korintiërs 6:17). Christus sê ook: “Wee julle wanneer al die mense goed van julle praat, want hulle vaders het net so aan die valse profete gedoen” (Lukas 6:26). Jesus waarsku daarteen om aanvaarding en lof te soek van die heersende godsdiens gesagsorde. Vir baie wat vandag hul fokus verloor het, is die soeke na aanvaarding in die algemene Christendom egter 'n hoofdoelwit, selfs al het baie van die algemene oortuigings hul ontstaan in heidense godsdiensgebruike wat in die Bybel veroordeel word (Deuteronomium 12:29-32; Mattheus 15:8-9).

Die ware Kerk wat deur Jesus Christus en die Apostels gestig is, *kan herken word* indien ons fokus op wat die Bybel onthul. Die Kerk het 'n Bybelse naam — dit word elf keer in die Nuwe Testament die “Gemeente van God” of “Gemeentes van God” genoem. Die ware Kerk word nie deur “'n verskeidenheid leerstellings” gekenmerk nie, maar bestaan uit lede wat “verenig moet wees in dieselfde gesindheid en in dieselfde mening” (1 Korintiërs 1:10). Die Bybelse Kerk van God het 'n hiërgargiese struktuur, deurleiers

wat aangestel word gebaseer op kwalifikasies en die vrugte van bekering in hul lewens; hulle word nie verkies deur stemwerwing nie (Efesiërs 4:11; Titus 1:5). Die Kerk wat Jesus gestig het, onderhou die Sabbat en die Heilige Dae, volgens Sy voorbeeld (Lukas 4:16; Handeling 13:14, 44). Net soos Jerobeam egter die aanbiddingsdae in antieke Israel verander en die volk laat afdwaal het, het teoloë God se Sabbatte (Levitikus 23) verwerp en Sondagaanbidding en Kersfees en Paasvierings aangeneem wat hul oorsprong in heidense antieke tye het (Esegiël 20:28-32). Gevolglik het God se verkose mense hul fokus en hul nasionale identiteit verloor (sien Deuteronomium 32:16; Jesaja 62:2). Die Bybel onthul dat God se rebelse volk ook Sy beskerming en hul vryheid sal verloor, omdat hulle hul fokus verloor het. Dit sal 'n dure les wees.

### Die Kerk se sending

Daar is vandag baie verskillende idees oor die sending van die Kerk. Dit is nie verbasend nie. 'n **Ander evangelie lei tot 'n ander sending**. Die *ware* evangelie voorsien die Kerk van God met 'n kragtige visie en sin van hul sending. Baie opregte mense neem aan dat die sending van die kerk behels om in klein groepies te ontmoet en oor Jesus te praat. Dit sluit ook in om die goeie nuus te versprei dat “God u liefhet ... Jesus het vir u

gesterf ... wees net vir Jesus lief en u gaan hemel toe”. Tog gee Jesus sy dissipels opdrag om “liewer na die verlore skape van die huis van Israel” te gaan en om die evangelie van die komende koninkryk van God aan die hele wêreld te verkondig, om te genees, die dode op te wek en duiwels uit te dryf (Mattheus 10:1-8; Markus 16:14-20). Hulle moes die Israelitiese nasies en die wêreld *waarsku* om hulle te *bekeer* van hul sondes voor die aanbreek van die Groot Verdrukking wat die wederkoms van Jesus Christus sal voorafgaan (Mattheus 24; Markus 13; Lukas 21). Die dissipels het die wêreld letterlik “aan die brand gepreek” met hul boodskap, ten spyte daarvan dat hulle deur die godsdiens gesagsorde in beide die Joodse en die heidense gemeenskappe vervolgt was (Handeling 17:6). Hulle het nie net oor die baba Jesus gepreek wat vir almal lief was nie. Hulle het nie die Kerk uitgebeeld as 'n soort geestelike hospitaal vir verlore siele nie. Hulle het gepreek oor die *werklike* koms van die koninkryk en die wederkoms van 'n *magtige* Christus wat die volke sal skud en die regering van God op hierdie aarde sal hervestig (Openbaring 11:15-19). Edward Gibbon, 'n geskiedkundige, het aangeteken dat hierdie aandagvestigende boodskap oor die komende koninkryk van God, die “heersende sentiment van die ortodokse gelowiges” gedurende die vroeë eeue van die Kerk was, maar dat dit



geleidelik teruggeskuif is na die gebied van dwaalleer (*The Decline and Fall of the Roman Empire*, hfst. 15). Namate lidmate van die vroeë Kerk hul fokus op die ware evangelie verloor het, het hulle hul ware sin vir hul sending verloor en die oorgrote meerderheid van belydende Christene het afgedwaal van beide die Christensending en die Christenwaarheid! Ongelukkig gebeur dit vandag met diegene wat na misleide leiers luister. Gebeur dit met u?

### Ons persoonlike doelwit

Baie opregte belydende Christene glo dat hul persoonlike rol slegs is om God en hul naaste lief te hê en om frases soos “prys die Here” te uiter wat sag op die oor is. Indien ons egter fokus op wat die Bybel onthul, vind ons baie interessante advies. Jesus sê: “Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Mattheus 6:33). Ons word vertel dat ons “moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus” (2 Petrus 3:18) en om die verstand van Christus te ontwikkel (Filippense 2:5-11). Dit beteken dat ons moet leer om in die letter én in die gees volgens die gebooi van God te leef, soos wat Christus gedoen het (Johannes 14:15). Ons word vertel dat God Sy Gees aan diegene gee wat Hom

*gehoorsaam* (Handelinge 5:32) en dat God wil hê dat ons die *vrugte* van daardie Gees moet *dra* (Johannes 15:1-8; Galasiërs 5:22-26). Individue wat die versoekings van die menslike natuur *oorwin* en geestelik groei, sal die geleentheid gegun word om saam met Christus op Aarde te *regeer* en om die mensdom, die weg na ware vrede, vreugde en geluk te *leer* (Openbaring 5:10; Jesaja 30:20-21), wat behels dat hulle sal leer om volgens die wette van God te leef (Jesaja 2:2-4). Die ware doel van die menslike lewe is om *voor te berei* om in die koninkryk van God te wees, waar vandag se ware Christene saam met Jesus Christus sal werk om die verloop van geskiedenis te verander. Die idee van hemel toe gaan, op wolke te ry en harp te speel is pure wensdenkery deur diegene wat hul fokus verloor het. Indien ons ons fokus verloor, sal ons ons beloning kwyd wees (Openbaring 3:10-13)!

### God se Plan

Baie mense neem aan dat God ywerig besig is om almal nou te probeer red. Hierdie idee bly bestaan omdat die “algemene Christen”-wêreld die plan van God uit die oog verloor het. Die *werklike* plan van God word in die Bybelse Heilige Dae uitgebeeld (Levitikus 23). Die Pasga herinner ons dat Jesus gely en gesterf het sodat ons sondes vergewe kan word. Die Dae van Ongesuurde Brode

herinner ons dat ons sondige gedagtes en optredes moet uitskakel en moet begin om soos Jesus Christus te dink en op te tree. Pinkster onthul dat God Sy Gees gegee het aan diegene wat hulle bekeer en Sy instruksies volg, bemagtig deur Sy Gees om sonde te oorwin (Lukas 24:49; Handelinge 1:8; 2:38; 5:32). Die Bybel verduidelik dat slegs diegene wat deur God geroep word, die geleentheid sal hê om op hierdie tydskop die waarheid te verstaan (Johannes 6:44-45) en dat hierdie hoeveelheid min sal wees (1 Korintiërs 1:26-27). Die waarheid van God is 'n *verborgenheid* vir diegene wat nie nou geroep is nie (Mattheus 13:10-17; 1 Korintiërs 2:6-16). Sulke individue, die meeste van die mensdom, is egter nie verlore nie! Die Heilige Dae, later in die jaar, onthul dat Christus sal terugkeer (die Fees van Trompetgeskal), Satan van sy mag sal onthef (Versoendag — Openbaring 20:1-2), die koninkryk van God op hierdie aarde sal vestig (met die herrese heiliges — Openbaring 20:4-6) en begin om diegene wat op daardie stadium leef, te heronderrig (Loofhuttefees). Diegene wat deur die eeue heen gesterf het sonder om die Waarheid van God te hoor of verstaan, sal in 'n tweede opstanding opstaan en hulle kans op verlossing kry (Die Laaste Oordeel — Openbaring 20:5, 11-12). Dit is 'n bemoedigende boodskap. Tog het die meeste belydende

**Vervolg op bladsy 26**

# Vrae en antwoorde

**V:** Onderrig Galasiërs 4:8-10, dat daar nie van Christene vereis word om God se Sabbat en Heilige Dae te onderhou nie?

**A:** Nee, dit is nie wat daar onderrig word nie. Die apostel Paulus rig sy brief aan die Christene in Galasië, wat 'n unieke vermenging van Jode, Romeine, Grieke en Galliërs (waaruit die Franse ontstaan het) was, met 'n spesifieke karakter gevorm deur eeue se Keltiese invloed (sien JB Lightfoot's *Commentary on Paul's letter to the Galatians*, 1999, bl. 12-17).

Die Galasiërs se samelewing het 'n verskeidenheid heidense bygelowe en rituele gehad vir die onderhouding van “dae en maande en tye en jare”. Ceasar het gekla dat die Galasiërs, as 'n volk voortgedryf is deur 'n begeerte vir verandering, wat die aanneming en wegdoening van die een godsdiensstelsel na die ander ingesluit het (sien Lightfoot, bl. 15). Paulus het hierdie wispelturigheid waargeneem toe hy skryf: “Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe” (Galasiërs 1:6). Hy noem hulle ook “onverstandige Galasiërs” en “betower” (Galasiërs 3:1). Hul geloof was oppervlakkig; hul ywer kortstondig en wanneer iets nuut en opwindend opgeduik het, het hulle dit

nagejaag. Met dit ingedagte, kan ons twee hoofuitdagings vir die Kerk in Galasië verstaan, naamlik Judaïsme en die heidendom.

Sommige mense het valslik onderrig dat die Galasiërs, soos die Jode, besny moes word. Vir die vroom Jode het fisiese besnydenis en ritualistiese aanbiddingsgewoontes geregtigheid beteken. Paulus gaan hierdie vals lering teë deur aan te dui dat 'n mens nie “volmaak” gemaak kan word deur die vlees nie (Galasiërs 3:3). Trouens, “besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie” (Romeine 2:28-29). Ware geregtigheid en volmaaktheid volg slegs deur Jesus Christus en Sy geloof wat in ons woon (Galasiërs 2:20).

Paulus verduidelik die ware doel van die offerandes, offers en wassing van die ritualistiese wet: “Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom” (Galasiërs 3:19). Let daarop dat hierdie wet ingestel is *nadat* die Tien Gebooie, die Heilige Dae en die Sabbat ingestel is. Jesus Christus sê dat Hy die Here van die Sabbat is (Markus 2:28). Sy voorbeeld en Sy geloof stel die standaard waarvolgens alle ware Christene leef. Die Galasiërs het 'n ritueel — besnydenis — in twyfel getrek, nie 'n basiese lewenswyse wat deur Christus en Sy Apostels onderrig en beoefen was nie. Dit is waarom

Paulus kon skryf: “Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar 'n nuwe skepsel” (Galasiërs 6:15).

Paulus spreek ook die probleem van heidendom in die Kerk aan. Hy skryf: “Maar ... toe julle God nie geken het nie, het julle dié gedien wat van nature geen gode is nie; maar nou dat julle God ken, of liever deur God geken is, hoe keer julle weer terug tot die swakke en armoedige eerste beginsels wat julle weer van voor af aan wil dien? Julle neem dae en maande en tye en jare waar” (Galasiërs 4:8-10).

Paulus begin Galasiërs 4 deur die Joodse Christene aan te spreek en gebruik die gesamentlike voornaamwoord “ons”. In vers 8 spreek Paulus “julle” aan, die Christene van heidense oorsprong wat tevore duiwels en afgode aanbid het en nie geweet het wat hulle aanbid nie, want soos Jesus bevestig het “saligheid is uit die Jode” (Johannes 4:22). Die Heidene is van God afgesny (Efesiërs 2:13) en het begin om mensgemaakte bygelowe en heidense rituele na te volg, insluitend die viering van “dae en maande en tye en jare”. Hierdie vierings, gekoppel aan antieke astrologie, het voorts baie belydende Christene tot verderf gelei. Die vierde-eeuse Katolieke biskop Chrysostom skryf dat die swak Christene bygelowige “tye” onderhou het.

Hy sê: "Baie raak bygelowig verslaaf aan waarsêery ... Ter viering van hierdie tye rig hulle lampe in die markplein op en hang blommekranse op hul deure" (Bingham's *Antiquities of the Christian Church*. Bll. 1,123-1,124). Hierdie vieringe maak ook melding van baie sogenaamde "gelukkige" en "ongelukkige" dae en spesiale

maande en jare waartydens die Grieke en Romeine oor die algemeen afgodery beoefen het. God verbied sulke rituele spesifiek, alle waarsêery (onderhouding van "tye") en afgodery (Deuteronomium 18:10, 14; Levitikus 19:26). Selfs vandag duur hierdie gebruike voort in "moderne" bygelowe soos spesiale "gelukbringer

juweliersware", wensbeentjies, Vrydag die 13de-vrese en die lees van sterrevoorspellings. Paulus se vermaning was nie 'n veroordeling van God se wet of Sy Heilige Dae nie, maar sy vermaning is steeds vandag van toepassing op Christene wat Christus se voorbeeld en leringe volg!

## Die Heilige Dae — God se Meesterplan

*Is Kersfees en Paasfees die heiligste dae van die Christelike kalender? Nee! Beslis nie op die ware Christelike kalender nie! Inteendeel, Christus en Sy apostels het die Bybelse Heilige Dae onderhou wat vandag feitlik heeltemal geïgnoreer word deur die hoofstroom Christendom.*

**Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!**

### **Noodsaaklike sleutels (Vervolg vanaf bladsy 24)**

Christene en volgelingen van ander godsdienste nog nooit hierdie goeie nuus gehoor nie, omdat godsdiensteleiers van hierdie wêreld hul fokus verloor en geen kennis van die plan van God het nie (Romeine 1:18-25).

Die uitdaging wat ware Christene vandag in die gesig staar, is om op die regte prioriteite gefokus te bly: die ware God, die opregte Jesus, die Woord van God en die ware Evangelie. Ware Christene moet

kennis en karakter ontwikkel wat God kan gebruik om die sending van Sy Kerk te bereik en om Sy groot plan tot voltooiing te bring. Die Bybel onthul dat slegs 'n paar van diegene wat nou geroep word, gekies sal word om 'n beloning te ontvang (Mattheus 20:16). Hulle sal gekies word omdat hulle *getrou bly* aan die waarheid wat aan hulle gegee is om te verstaan (Openbaring 17:14), en hulle sal groei en die vrugte voortbring

wat God in hul lewens verlang (Johannes 15:1-8). Hulle moet ook deur beproewings en vervolging volhard (Mattheus 24:13) en die wedloop voltooi (2 Timotheus 4:1-8). Die ongelooflike beloning wat God aan diegene beloof wat Hy roep om heiliges te word, sal slegs aan diegene gegee word wat *gefokus bly*! Sal u daarby ingesluit wees?

## Volke in benoudheid (Vervolg vanaf bladsy 12)

geneigdheid tot moord en vernietiging omkeer.

Net soos Jesus voorspel het, is nasies werklik in diepe angs in hierdie eindtyd, verdwaas deur skrikwekkende neigings en skielike, dramatiese veranderings in wêreld-

toestande. Mense van alle nasionaliteite kan God dank vir Sy planne dat Jesus Christus Sy Koninkryk op aarde gaan vestig. Soos Jesaja profeteer: "... en die heerskappy is op sy skouer ... tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder

einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid" (Jesaja 9:5-6).

## Persoonlik (Vervolg vanaf bladsy 2)

1:22). Toe inspireer God Paulus om daarop uit te brei: "En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle **oorgegee** aan 'n **slegte gesindheid**, om te doen wat nie betaam nie: hulle is vervul met allerhande ongeregtheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid" (verse 28-29).

Sien u dat 'n "slegte gesindheid" aan die werk is, in hierdie wêreld se samelewing? Sien u hoekom die mens se wysheid "dwaas" genoem word, in God se oë? (1 Korintiërs 1:20).

God roep *baie min* individue om Hom te ken en te dien gedurende hierdie tyd. Jesus noem Sy mense die "klein kuddetjie" (Lukas 12:32), en maak die onomwonde stelling: "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag" (Johannes 6:44). Om hierdie punt duidelik te stel, herhaal Jesus dieselfde fundamentele waarheid in vers 65: "En Hy sê: Om hierdie rede het Ek vir julle gesê dat niemand na My toe kan

kom as dit hom nie deur my Vadergegee is nie".

Behalwe vir daardie "uitverkorenes", het God die mensdom toegelaat om hul eie weg te volg, sedert Adam en Eva. Hy *gryp in* met die belangrikste wêreldgebeure, indien nodig, om Sy algehele doel teweeg te bring. Hy gryp ook in om diegene wat Hy nou uit hierdie wêreld geroep het, te help en te lei. Op die keper beskou, *laat* God mense *toe* om hul eie besluite te neem in hierdie wêreldse samelewing, wat van Hom afgesny is. Dit is hoekom God se Woord ons vertel: "Die wedloop nie is vir die vinniges en die oorlog nie vir die helde nie; en ook die brood is nie vir die wyse of ook rykdom vir die slimmes of ook guns vir die verstandiges nie; want **tyd** en **lotgeval** tref hulle **almal**" (Prediker 9:11).

Nee, die ware God sonder niemand uit nie of "kies" nie *enigiemand se seun of dogter* om in 'n algemene tragedie soos die Groot Slagting van die Tweede Wêreldoorlog, die Anglo-Boere Oorlog of die 11de September se aanvalle, te sterf nie! Jesus Christus onthul God

se "gedagtes" oor sodanige tragedies: "En in dieselfde tyd was daar mense teenwoordig wat Hom berig gebring het van die Galiléërs wie se bloed Pilatus met hulle offers gemeng het. En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dink julle dat hierdie Galiléërs groter sondaars was as al die Galiléërs, omdat hulle sulke dinge gely het? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom. Of daardie agttien op wie die toring van Silóam geval en hulle gedood het — dink julle dat hulle meer skuldig was as al die mense wat in Jerusalem woon? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom" (Lukas 13:1-5).

Sedert die begin van die mensdom op aarde, het God mense *toegelaat* om hul eie vrye wil uit te oefen en die pad wat hulle wil loop, te **kies**. As geheel het die mensdom nog altyd gekies om God en Sy gebooie **nie te gehoorsaam** nie, daarom vertel God se Woord ons: "Kyk, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie; maar julle ongeregthede het 'n

skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie" (Jesaja 59:1-2).

Misleide individue en leraars kan met God stry. Hulle kan hul eie "soort" godsdiens uitdink, maar op die ou einde sal hulle swaarkry totdat hulle werklik verootmoedig is en gewillig na **God soek** en begin om eerlik en opreg te **doen wat Hy sê**. Anders, vertel God ons: "Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood" (Spreuke 14:12). Van die een kant van die Bybel tot die ander kant word "sonde" beskryf as verbreking van God se geestelike **wet**, die Tien Gebooe. God se woord vertel ons spesifiek: "Sonde is wetteloosheid" (1 Johannes 3:4).

So lank as wat die mensdom aanhou om God se geestelike wet te verbreek, sal ons die verwarring, "sinnelese

swaarkry" en voortdurende tragedies en dood sien voortgaan. Individueel kan *u* egter hierdie swaarkry vermy, **mits** u met u **hele hart** na die God van die Bybel sal keer en sal **doen** wat God ons duidelik in Sy Woord vertel. Soos Jesus aan die jong man sê wat die weg tot die ewige lewe wou weet: "Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooe" (Mattheus 19:17).

Paulus skryf: "Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die onderhouding van die gebooe van God" (1 Korintiërs 7:19). En Johannes beskryf die ware heiliges van die Almagtige God: "Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooe van God en die geloof in Jesus bewaar" (Openbaring 14:12). Om selfs net in staat te wees om die Tien Gebooe te onderhou, moet u u lewe waarlik aan God oorgee, en Jesus Christus as u Verlosser **en** u Heer en Meester

aanneem. Dan sal Christus *deur die Heilige Gees* Sy gehoorsame lewe in u leef. Soos Paulus skryf: "Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het" (Galasiërs 2:20).

God sal u nie "dwing" om Sy gebooe te onderhou nie, net soos wat Hy nie die gebeure van 11 September 2001 "laat" plaasvind het nie. Elkeen moet die lewenspad **kies** wat hy wil volg. God vertel Sy volk Israel: "Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgedhou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag" (Deuteronomium 30:19).



# Wêreld van Môre

## Bybelstudiekursus

Skryf aan: Lewende Kerk van God  
 Privaatsak X 3016  
 Harrismith, FS  
 9880

of skakel: 058 622 1424  
 en vermeld dat u navraag doen  
 na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus